





5de Jrg. Kaapstad, Woensdag, 5 Junie 1946. No. 28.

Jode Vir Suid-Afrika — Klein en Groot

Die regering het besluit om 400 Joodse weeskinders tussen die ouderdom van twee en sewe jaar in die Unie toe te laat, na die Minister van Volkswelsyn in die parlement bekend gemaak het.

Onlangs toe die regering versoek is om toe te laat dat Duitse weeskinders, wat gedoem is om om te kom van honger as hulle in Duitsland bly, is dit geweier. Duitse bloed mag nie ons nasieverband versterk nie, maar die bloed van onassimileerbare Jode, wat deur die eeue getoon het dat hulle nie bereid is om hulle nasieskap af te lê en hulle gewig saam met die volk waar hulle op teer, in te gooi nie, word van harte verwelkom deur die regering.

Onderwyl die regering hom beywer vir Joodse immigrasie is hy besig om 'n wetsontwerp vir die deportasie van Afrikaners van Duitse afkoms aan te neem. Die Jood wat bereid is om die land uit te buit en op die vettigheid daarvan te teer ten koste van die volk, staan nader aan die regering as die

genaturaliseerde Duitser.

Waarom deporteer die regering nie die tienduizende Joodse vlugtelingen wat die land tydens die oorlog binnegekom het nie?

GENL. BOTHA SE ADRES

Die adres van gebiedsgeneraal P. J. Botha (Gebied B) sal voortaan wees possak Grootfontein, Somerset-Oos. Offisiere moet asseblief kennis neem van hierdie verandering.

Eerste Georg van Brittanje Kon Geen Engels Verstaan Duitse Bloed Op Britse Troon

Diegene in Suid-Afrika met hul wrewelige haat teen alles wat Duits is en wat met 'n hartstogtelike verlange uitsien na die koms van die Britse koning aanstaande jaar, en liever Jode invoer as Duitse wesies, het in hul blinde slawediens vergeet dat hulle besig is om 'n vorstehuis wat sy oorsprong uit Duitse adellike bloed en op Duitse bodem gehad het, te verheerlik.

Koning George VI van Engeland, seun van wyle koning George V en agterkleinseun van koningin Victoria, spruit uit die Duitse vorstehuis Sakse-Koburg-Gotha, of beter bekend as die huis van Hanover of die

huis van Brunswick-Lüneburg. Die vader van die huidige Britse koning was die seun van koning Eduard VII (1841-1910) en van 'n Deense prinses. Eduard VII was die seun van Albert, prins van Sakse-Koburg-Gotha (1819-1861). Hy was op sy beurt weer die seun van Ernest Anton Karel Ludwigh van Sakse-Koburg-Gotha (1784-1844).

Georg I, wat in 1714 deur die Britse parlement uitgenooi is om koning van Engeland te word omdat hy 'n Protestant was en die wettige opvolger van destyds 'n Katolieke, was 'n volbloed Duitser wat geen woord Engels kon praat of verstaan nie. Hy was Keurvorst van Hanover en is opgevolg deur sy seun Georg II wat wel Engels kon verstaan, maar dit moeilik gepraat het. Net soos sy vader het hy baie meer belang gestel in sy Duitse staatjie as in die Britse Empire.

Sy opvolger, Georg III, was wel in Engeland gebore, maar ook sy moeder was 'n Duitse prinses.

Voor 1917 was die huidige Britse vorstehuis nog bekend onder die naam van Sakse-Koburg-Gotha. Die verandering van die koningstitel van die Duitse Sakse-Koburg-Gotha, na die huidige Windsor, het eers plaasgevind onder die bewind van wyle koning George V. Gedurende Junie 1917 het die koning te kenne gegee dat hy van plan is om ontslae te raak van die Duitse titel en 'n ander aan te neem. Op 17 Julie van dieselfde jaar is 'n proklamasie uitgevaardig waarin bekend gemaak is dat die koning van Brittanje nie meer bekend sal wees as die huis van Sakse-Koburg-Gotha (beter bekend as die huis van Hanover of die huis van Brunswick-Lüneburg) nie maar as die Huis van Windsor.

ENGELAND VERRYK HOM MET S.A. STEENKOOL

Die feit dat Suid-Afrika toelaat dat Engeland hom uitdruk uit die wêreldhandel deur b.v. 'n belangrike S.A. produk soos steenkool te beheer, en sodoende te sorg dat Suid-Afrika geen nuwe markte verower nie, is aan Die O.B. geopenbaar deur 'n gesaghebbende.

Die wêreld se steenkoolhandel word vandag inderdaad beheer deur die sogenaamde British Coal Combine. Hulle skryf voor waarheen die steenkool vervoer moet word, welke hoeveelheid en selfs aan watter besondere klandisie dit gelewer moet word. Deur so op te tree verseker hulle dat hulle hul voor-oorlogse markte en klandisie behou.

„BIG ONE”

In naam word die beheer en distribusie van die steenkool behartig deur die internasionale komitee van steenkool-uitvoerende lande wat bestaan uit Suid-Afrika, Brittanje en die Verenigde State van Amerika. Laasgenoemde twee is vandag nie in staat om steenkool uit

te voer nie as gevolg van stakings en binnelandse behoeftes. Daar is dus glad nie 'n „Big Three” in hierdie geval nie maar net 'n „Big One” wat steenkool uitvoer. Hoewel die Unie in teorie gelyke stemreg het op hierdie komitee oor hoe die steenkool gedistribueer moet word, is Engeland in praktyk die een wat volle seggenskap op die komitee het en oor twee stemme beskik omdat die Unie maar te gretig is om ja-broer te speel en sy steun aan Brittanje te gee.

Op hierdie manier verseker Brittanje sy markte en bestendig hy sy handel deur van Suid-Afrikaanse steenkool gebruik te maak en dit aan sy ou klandisie lewer.

Steenkool verteenwoordig vandag 'n besondere ruilmiddel in elke land omdat daar so 'n groot behoefte aan bestaan. Die mening is deur ons segsman uitgespreek dat dit vandag 'n beter ruilmiddel is as goud. Swede het onlangs verklaar dat hy nie goud wil hê nie maar dat hy steenkool nodig het. Unra het ook 'n beroep op die Unie gedoen om steenkool aan die geteisterde Europa te lewer. Waar die Unie nou die voordeel uit sy eie steenkool kon behaal, en markte opgebou en bestendig het, word ons steenkool deur Engeland gebruik om sy markte te bestendig en te behou.

SMEER SWART

In Argentinië, is verklaar, het die British Coal Combine hulle seël aangematig om Unie-steenkool wat Suid-Afrika in Argentinië gelewer het, te vermeng met Chileense steenkool wat van 'n oale laer gehalte is as Afrikaanse steenkool. Die gemengde steenkool is verkoop onder die naam van Suid-Afrikaanse steenkool. Hierdeur het hulle die naam van Suid-Afrikaanse steenkool deur die modder gesleep en afbreuk gedoen aan die goeie naam van ons steenkool in die buiteland.

Suid-Afrika voer dus vandag steenkool uit, nie vir sy eie voordeel nie, maar uitsluitlik met die doel om te verseker dat Engeland sy mark kan opbou en behou tot tyd en wyl hy weer self in staat is om genoegsame hoeveelheid steenkool uit te voer.



SKEEPSRUIMTE

Ons segsman het ook gesê dat as dit nie was dat goedere vandag doelbewus deur Britse skeepsmaatskappye verdraag word nie, sou ons genoegsame voorrade waaraan 'n dringende behoefte bestaan, ontvang. Dit gebeur egter in die praktyk dat skeepsruimte alleen aan buitelandse firmas wat goedere na Suid-Afrika wil versend, verskaf word, as hulle bereid is om hul goedere met Britse skepe na die Unie te vervoer.

Dieselfde beginsel word in die Unie toegepas op firmas wat steenkool na die buiteland wil verskeep. Hulle ontvang alleen skeepsruimte op Britse skepe. Hierdie praktyk word beoefen om seker te maak dat Britse skepe die monopolie in die seeverkeer behou — iets wat hulle alreeds verloor het.

Onderwyl die Neurenbergse wraakhof nog besig is met ondersoek na Duitse „oorlogsmisdade” wat o.a. die gebruik van „slawe-arbeid” insluit, gebruik Engeland Duitse gevangenes op sy landerye en in sy houbedryf, wat hy spesiaal vir die doel uit Kanada ingevoer het. Die foto toon 'n paar Duitsers wat stene maak (soos in die dae van Farno). Hulle maak deel uit van 350,000 wat tans ingevoer word.

SLAWE-ARBEID IN BRITTANJE



Handelsnavrae: INTERNASIONALE KOPERS (EDMS.) BPK., Posbus 3180 - - - KAAPSTAD

Rustenburg Hoor Eenheidsoproep

Vrydagaand, 17 Mei, was die stadsaal van Rustenburg van hoek tot kant vol toe die Kommandant-generaal en hoofgenl. Louis Boothe 'n vergadering gehou het. Genl. K. Behrends van die Rustenburg-generaalskap (F7) het as voorsitter opgetree. Die Wag was opgestel in die hoofgang van die deur af tot by die verhoog. Na die h.G. se toespraak is geleentheid gegee vir vrae.

O.B.-lede het weer nuwe beveling gekry terwyl talle nielede wat die vergadering bygewoon het, tans rondborstig verklaar dat dit die ordelikste openbare vergadering is wat hulle nog bygewoon het, terwyl hulle bewondering uitspreek vir die kalme en heldere uiteensetting van die saak deur die sprekers.

Hoofgenl. Boothe wat eerste aan die woord was, het daarop gewys hoe die verwydering tussen die H.N.P. en O.B. gekom het deurdat die goedbedoelde waarskuwing van die K.G. op Elsburg verdraaid voorgestel is. Die O.B. het alles in sy vermoë gedoen om weer die eenheid en onderlinge vertroue te herstel, „maar na al die bewyse van trou en pogings met die beste bedoelings, het ons 'n oorlogsverklaring as antwoord gekry.”

„Hoewel die stryd teen ons onbillik en dikwels ellendig vuil was, sê die O.B. nog: as julle belange een is, staan dan saam.

SAAMSTAAN

Die Kommandant-generaal het gesê die O.B. is die draer van die sosiale gedagte in die nasionale liggaam van die volk. Daar kom nou egter 'n anti-Afrikaanse golf wat aanrol uit kommunistiese en jingo-kringe. As daar ooit 'n tyd was, dan is dit nou dat die Afrikaner sy gelede heg moet sluit. Ons moet op een of ander wyse, in hemelsnaam, oymekaar kom.

Ons moet nou, in hemelsnaam, 'n front van alle Afrikaner-elemente kry.”

Die ou Nasionale Party kon met sy nasionalisme nie die stedelike setels verower nie, terwyl die Arbeidersparty met sy sosialisme sonder nasionalisme nie die plattelandse setels kon wen nie. Toe daar egter 'n koalisie tussen die nasionale en sosiale elemente tot stand kom, het ons die beste regering gekry wat ons nog in die Unie gehad het. Die O.B. het egter daarin geslaag om fanaties, nasionaal soos hy is, die sosiale gedagte na die platteland te dra. Spr. het vandag die Magaliesbergse Koöperatiewe Tabakplantersvereniging besoek, en daar is reeds die begin van die sosialisme onder die Boerevolk.

PARTYLOOS

Die O.B. voel dat 'n blanke volk van 2 miljoen op 'n swart kontinent nie op so 'n manier teen mekaar kan werk dat die een die ander uitkakel nie, daarom sien die O.B. uit na 'n partylose staat.

In die plek van kunsmatige party moet die natuurlike beroepe kom. In beroepsverteenswoordiging kies mens nie vir jou party nie, maar vir die bekwaamste persoon, m.a.w. as die O.B. se hy veg vir die afskaffing van die partystelsel, wil hy nie self die regering oorneem nie — hy wil dat elke beroep uit sy eie gelede sy verteenwoordigers stuur.

Bedenkinge Teen Die Verhoor Van Oorlogsmisdadigers

„Daar is elemente in die verhoor van genl. Antonescu wat bedenkinge laat ontstaan en dit lei tot die verdere vraag: Is die metode wat tans aangewend word teen oorlogsmisdadigers bereken om vrede, veiligheid en die handhawing van die volkereg te bevorder?” So skryf die Natal Witness in 'n hoofartikel na aanleiding van die verhoor en teregstelling van die voormalige regeringshoof van Roemenië.

Die blad verklaar dat die nuus dat genl. Antonescu ter dood veroordeel is, die bedenkinge wat reeds in wye Britse kringe en elders teen die verhoor van oorlogsmisdadigers posgevat het, sal versterk. Dit mag wees dat genl. Antonescu sy verdiende loon ontvang het, maar diegene wat werklik daarvoor kan oordeel, is mense wat 'n behoorlike kennis van die Oos-Europese politiek het en wat onpartydig is.

„Die eerste voorwaarde sluit meeste van ons uit en die tweede sluit beslis diegene uit wat Antonescu verhoor het,” verklaar die blad, want hy is deur 'n volkshof verhoor, en hoewel wat so saamgestel is was nog altyd waar hulle verskyn het, openlik partydig.

„Nóg die aard van die aanklagte nóg wat verneem is omtrent die metode van verhoor kan die vertroue sterk. Ons sou meer onder die indruk van regverdigheid om Antonescu te beskuldig dat hy teen Rusland oorlog verklaar het, gekom het indien diegene wat verantwoordelik was vir die inval in Pole in 1939 en Finland in 1940 op dieselfde manier behandel is. Want ons sien slegs een verskil tussen hulle en hom: hy is

verslaan en hulle nie.

VOORAF BESLIS

Dit is baie verdag, aldus die blad, dat die hof besluit het om die grootste gedeelte van die getuïenis vir die vervolging nie aan te hoor nie. Dit moet daarop dui dat die regters hul beslissing reeds vooraf klaar gevel het. Die onbevredigende atmosfeer waarin die hof sitting gehou het, is verstrekkend deur die berig dat mev. Antonescu ook beskuldig staan en afsonderlik verhoor word. Watter verantwoordelikheid sy, wat geen betrekking beklee het nie vir die oorlog kan hê, is nie duidelik nie. „Die verslag, as dit betroubaar is, dui daarop dat die verhoor eerder 'n politieke manewer is as 'n poging om die reg toe te pas.”

The Times het in 1945 na aanleiding van die verhoor van die Bulgaarse „oorlogsmisdadigers” geskryf dat die lang lys van doodvonnisse en harde arbeid wat gevel is deur die volkshof in Sofia, die indruk skep dat die nuwe regering besluit het om skoonskip te maak met al die ander partye. Dieselfde woorde, sê die Natal Witness, is van toepassing op die volkshof van Roemenië.

SOOS ONS LESERS DIT SIEN

Teen Engeland

Mnr. B. J. Stander skryf: My brief laas in Die O.B. in antwoord op prof. L. J. du Plessis se artikel was nie bedoel om 'n getwis uit te lok nie. Want ons het onder ons volk genoeg twis. Maar ek wil net aan mnr. H. W. Kleyn van Steilenbosch sê, as hy 'n kampvegter vir Brittanje wil wees, was daar vir hom amper 6 jaar tyd. Hy kan maar sê ek is 'n Kommunis. Maar ek gaan eerder vir Rusland help om die verdrukke van klein nasies uit die pad te rol. Ons dink aan die Konsentrasiekampe waar ons moeders en kinders, soos Afrikanervrou en moeder van Magaliesberg skrywe, met vtriël vergewe is. Die kale graftes roep onthou, onthou, gedenk die lyding van jou kind en vrou. Ons vergeet en vergewe nooit. Ons hoop sy dag is voor die deur.

Spoorwegmanne Glo In O.B.

X. op K.D.R. skryf: Ons smag al na die dag wanneer ons Spoorwegmanne weer openlik aan die O.B. kan deelneem, maar ons glo daardie dag sal weer aanbreek so seker as wat die son elke môre opkom. Al is ons vandag eerbare ontsane lede, ons harte klop nog suiwer, en ons onwrikbare vertroue in die O.B. groei nog elke dag stewiger, want dit is die enigste volksorganisasie wat aan elke man, vrou en kind 'n behoorlike bestaan sal waarborg.

O.B.-Mannekoor

Mnr. C. J. K. Roos, Bokpoort, P.K. Clarens, skryf.

Graag wil ek my waardering uitspreek vir die goeie werk wat Die O.B. gedoen het en nog steeds doen. Ons hier in die Vrystaat, soos ook elders, voel egter die gemis aan 'n sterk O.B.-pers. Maar ons besef ook dat die sakke van O.B.-lede maar taamlik leeg is, en dat hulle reeds soveel aandeel geneem het, as wat hulle kan bekostig. Trouens die meerderheid het dit op oortrokke rekening gedoen. Terwyl die toestand so is, hoop ek, u sal my vergun om in alle bescheidenheid 'n voorstel te doen van hoe die toestand te verbeter.

Ek doen nl. aan die hand: dat die O.B. waar hy oor die talent beskik (in Kaapstad, of enige stad of dorp) 'n mannekoor sal begin wat hom veral op die marsliedere en ander in die O.B.-Bundel sal toelê; asook ander volksliedere in die F.A.K.-bundel om dan die Unie onder leiding van 'n O.B.-orkes soos die van Kaapstad, te toer, om sodoende fondse in te samel vir 'n groot en sterk O.B.-Pers. Die koor moet omtrent soos die Don Kossakke-koor optree of liever voordra.

Ek voel oortuig dat as so 'n O.B.-Mannekoor 'n hoë mate van afgerigtheid bereik, hulle nie alleen fondse sal insamel nie, maar ook die O.B. opnuut met 'n geesdrif sal besiel soos alleen O.B.-marsliedere dit kan doen.

„Eers Vryheid”

Mnr. Johan Schoeman, Gordonsbaai, skryf:

Elke Afrikaner sal instem met wat mnr. Breed te sê het oor ons samewerking met die Britse Empaaier teen die Kommunisme — op watter beginselgronde word dit nou eintlik van ons verwag? Ek verkies 'n openlike vyand teenoor 'n huigelagtige en valse vriend.

Mnr. Petzer se standpunt is onversoenuik met ons christelike lewensopvatting: hy wil hê ons moet die Empaaier steun as die ons ons vryheid teruggee. M.a.w. ons moet maak soos die Joodse leiers: die Empaaier geld leen om Duitsland te verslaan as die Empaaier ons (hierdie Jode) Palestina gee. Nee, mede-Afrikaners, ons reg en eis op herstelling van ons geskonde regte — beginnende met die roof van die ou Kaapkolonie — is op 'n sedelike beginsel gegrond en is nie van smouswaarde nie. Eers ons vryheid en daarna sal ons samewerking met of teen wie ook al op die meriete van elke spesifieke geval behandel.

„Wees so opreg as 'n duif en so versigtig as 'n slang” — behoort as leidraad te dien ook in die politiek van die Afrikanerdom.

SAL NIE STUUR NIE: Rusland sal geen afdeling Russiese troepe na die oorwinningssparade in Londen stuur nie. Daar is etlike uitnodigings aan Rusland gerig. Rusland het geen rede aangevoer vir sy handelwyse nie.

Die Kopersbond Beperk (Geregistreer onder die Maatskappywet 1926)

* * *

Hierdie is nie 'n prospektus nie maar 'n aankondiging dat ons nominale kapitaal nou verhoog is na

£ 1,000,000

* * *

KOPERSBOND bied aan:

1. Veiligheid vir u belegging.
2. Verspreiding van u belegging.
3. Goeie diwidende.

* * *

Met die verhoging van Kapitaal word 50,000 „B” aandeel van £5 elk aangebied.

* * *

DIREKSIE:

DR. F. J. KRITZINGER
DR. J. H. PIENAAR
DR. F. F. BORCHARDT
J. N. B. SCHABORT
G. T. ROBERTSON

DR. C. J. S. STRYDOM
J. J. ACKERMANN
DR. H. J. LUTTIG
DR. F. D. DU TOIT-VAN ZYL

Skryf dadelik om prospektus aan:

DIE SEKRETARIS

Die Kopersbond Beperk
POSBUS 8363 JOHANNESBURG

Naturelle Stig Beweging Teen Kommuniste

„Van die Afrikaner het die naturel al baie dinge ontvang. Van die ander het hy net uitbuiting beleef. Die tyd het aangebreek dat 'n noue samewerking met die Afrikaner bereik word. Ons het saam gewerk met die Jood, Engelsman en die Indiër. Dit het ons niks gebaat nie,” is die mening wat deur een van die naturellesprekers op 'n groot vergadering van die „Non-European National Improvement League” op die Markplein, Johannesburg, verlede week uitgespreek is.

Die beweging is onder die naturelle gestig met die doel om hulle nasionalisme aan te wakker en om 'n anti-kommunistiese houding te bevorder. Die beweging sal hom ook bewywer vir die bevordering van 'n anti-Joodse en anti-Indiërgevoel onder die naturelle.

Daar is verklaar dat die Indiërs en die Jode die naturelle uitbuit vir politieke voordeel. Die Indiërs het by voorbeeld 'n Eenheidsbond van alle nie-blankes in die lewe geroep. Hulle wou voorgee dat hulle die naturelle goedgesind is. Hulle het dit egter nie bewys nie. Waar die Indiër die kans het, diskrimineer hy teen die naturelle.

Die Indiërs het nou baie gekerm oor die Indiër-wet. Hulle maak of hulle burgers van die Unie is, maar inderdaad is hulle vreemdelinge. Hulle het na Suid-Afrika gekom om op die suikerplantasies te werk. As hulle nou griewe het, moet hulle na die Britse kapitaliste gaan.

KOMMUNISME

Wat sit agter die Kommunistiese Party?, is gevra. Dit is die Jode wat die Afrikaans-

sprekendes verarm het. Hulle sê hulle wil die broer van die naturel wees, maar in Alexandra-dorp hou hulle verbande ter waarde van duisende ponde op naturelle-huise. „Hulle het nog niks gedoen om vir ons skole te gee en om ons nasionale kultuur te bevorder nie”, het een van die sprekers verklaar.

„Die Kommunistiese party is geen broederskap nie, maar die grootste diktatuur. Dit is die politieke buro wat in Kaapstad sit wat die party regeer.”

JODE

„Daar is geen ras ter wêreld waar daar soveel rassevooroordeel is as by die Jode nie. Hulle rui die naturelle op teen die Afrikaners omdat hulle wil hê ons moet na die stede trek. In die stede wil hulle ons denasionaliseer, en 'n mark onder ons skep vir hulle broers. Hulle het na Suid-Afrika gekom omdat Suid-Afrika ryk is, en ons mag nie toelaat dat oorsese mense vir ons laat vertel wat ons moet doen nie. Melding is gemaak van wat die Afrikaner vir die naturel gedoen het. „In die Vrystaat, by voorbeeld, het die Afrikaner minstens aan

ons onderwys en Godsdienste gegee. Die toestand in die Bloemfontense lokasie is veel beter as in enige ander in die land.”

„Ons het wel griewe teen die Afrikaner, maar laat ons na hulle toe gaan om ons griewe te besleg.”

STUK BROOD

„Die propaganda dat die Afrikaner ons vyand is, is 'n produk van die Britse imperialisme — die beleid van verdeel en heers. Dit is hierdie mense wat nie die Zoeloe-kinders in Natal Afrikaans wil laat leer nie, omdat hulle almal net Engels wil ingee, is verklaar.

In 'n onderhoud met 'n verteenwoordiger van Die O.B. het een van die leiers van hierdie beweging verklaar dat die Afrikaners in die land getoon het dat hulle die vriend van die naturel wil wees. „As jy by die Engelsman kom dan sê hy jy moet na sy voorkeur kom en dan gee hy jou net 'n „promise”. As jy by die Afrikaner kom dan sê hy jy moet na die agterdeur gaan, maar daar gee hy jou 'n suik brood”.

Hongarye Onder Plak Van Rooi Diktatuur

„Hongarye het opgehou om voort te bestaan as 'n onafhanklike land. Dit het gebeur onder die oë van die Westerse Geallieerdes — en haas sonder enige kommentaar in die pers of oor die radio,” skryf Kenneth de Courcy in Review of World Affairs.

Die Kommuniste in Hongarye met die ondersteuning wat hulle uit Rusland ontvang, het die bestuur in die hele land oorgeneem. Die buitewêreld, verklaar die blad, het nie sy stem hierteen verhef nie en dit het so in die stilte plaasgevind dat die moed en vervaalde Angelsaksers dit nie eers opgemerk het nie.

Vroeg in Maart het die Kommuniste en Sosialiste 'n nuwe wet voorgestel om die „Republiek te beskerm”. Dit sou aan die uitvoerende gesag diktatoriale mag verleen. Die party van klein grondbesitters wat 61 persent van die setels in die parlement het, het hierdie voorstel teengestaan.

GEE OPDRAG

Die Russiese maarskalk Worosjilof het egter tussenbei getree en aan die party van klein grondbesitters vertel dat as hulle nie toegee nie, Rusland met hulle sal afreken. Onder die Russiese druk was hierdie party verplig om in te gee. 'n Kommunistiese leier het in Salgotarjan openlik verklaar dat die wet daarop gemik is om die Westerse demokrasie te beëindig en om 'n Sowjet-regering tot stand te bring.

Die nuwe wet was skaars aangeneem of daar is gehandel. Ten spyte van die protes van vooraanstaande Sosialiste is daar 'n Kommunistiese-Sosialistiese front gevorm wat ondersteuning vanuit Rusland ontvang het.

Onmiddellik hierna het die Kommunistiese leier Rakosi die volgende deklarasie uitgevaardig:—

DREIGEMENT

Die verenigde werkersklasbeweging mag nie langer saam met die reaksionêres aan dieselfde tafel sit nie. Die meerderheidsparty moet die ekonomiese program van die minderheidsgroep (Kommuniste-Sosialiste) aanvaar om sodoende te bewys dat hulle nie reaksionêr is nie. As dit nie gedoen word nie, sal revolusie plaasvind.

Rakosi het hierop 'n tien-daagse ultimatum uitgevaardig en op die negende dag van die ultimatum het die Kommuniste opgeruk na Budapest. Die Russe sou hierdie betoging ondersteun en dinge het gevaarlik begin word. Op die tiende dag van die ultimatum het die klein grondbesitters ingegee. Hul oorgawe het ingesluit die aanvaarding van die Kommunistiese landboubeleid, die nasionalisering van die sleutelbedrywe strydig met hul verkiesingsbeloftes, en om so gou moontlik met Rusland verdrae te sluit betreffende vervoer, olie en grondstowwe.

LYS VAN NAME

Die Kommunistiese leier het hierna 'n lys bevattende die name van 78 parlamentslede opgestel wat gearresteer of op een of ander manier uitgeskakel

moes word. Dit het beteken dat die meerderheid van die lede van die party van klein grondbesitters uit die weg geruim sou word. Dit het groot protes uitgelok en as gevolg hiervan is die lys tot 20 verminder. Dit het egter nog die belangrikste lede wat die Kommuniste opponeer ingesluit.


Die klein grondbesitters is gedwing om 'n Kommunistiese waarnemer in al hulle plaaslike partykantore toe te laat.

Dwarsdeur die land was daar 'n golf van arrestasies. Geen klas het vrygespring nie. Grondbesitters, priesters ens. het almal hul kwota bygedra om die tronke en interneringskampe te vul.

Ten slotte word vermeld dat daar gedurende April groot troebebewegings deur Hongarye plaasgevind het. Soveel as ses Russiese divisies is deur die land gestuur na Joego-Slawië, waar Tito, gesteun deur Rusland, aanspraak maak op die Italiaanse hawe Triëst.

£680 Per Dag!

Die Unie se interneringskoste beloop tans na meer as 'n jaar na die beëindiging van die oorlog, ongeveer £680 per dag. Die Direkteur van interneringskampe ontvang 'n salaris van £1,200 per jaar. Hy ontvang ook 'n pensioen as afgetrede polisie-amptenaar.



WAARDE VIR GELD

ELKE MAN

VERLANG 'N PAK KLERE
WAARIN HY TUIS VOEL

Alleen sulke Pakke word verskaf deur

VAN ZYLS

MANSUITRUSTERS

MONSTERS EN MAATVORMS OP AANVRAAG

HOOFWEG — PAARL

SKILFERS



MOENIE

U AANTREKLIKHEID
BEDERF NIE

Raak ontslae van daardie
lastige skilfers deur

middel van

VOORSLAG-

SKILFERMIDDEL

4/- Posvry van

VOORTREKKER-APTEEK

Kerklaan — Kaapstad (1)

en MAITLANDSTRAAT,

BLOEMFONTEIN

TE KOOP

Aandele in
Spoorbondkas
Beperk

1500 Volopbetaalde gewone
aandele van £1 stuk.

2000 Volopbetaalde voorkeur-
aandele van £1 stuk.

Uitstekende belegging —
laaste diwidend 5 persent

Alleen aansoek vir 100 aan-
dele of veelvoude van 100 kan
oorweeg word.

Om teleurstelling te vermy,
tree dadelik in verbinding met
die ondergetekende.

J. P. WESSELS,

Markstraat 2,

Somerset-Oos.

TOT U DIENS ...

Geldenhuy's
Ingenieurswerke

- DRAAI
- PAS
- SWEISWERK

Wynnestraat 13 — PAROW

Sien Advertensie onder Geklas-
sifiseerde kolomme (Gemeng).

A.V.B.O.B

Lykbesorgers, Grafsteenmakers,
Begravningsverkeersmaats

Bloemfontein — Pretoria
130 Takke

OBSERVATORY

DEVONSHIRE-
TEEKAMER

Smaaklike etes in 'n rustige
atmosfeer. Vars groente en
vrugte daagliks.

Lekkergoed; rookgoed ens.
Tafelloosers word ook aan-
geneem.

Stasieweg 63a, Observatory.
Eienaar: E. Lightfoot.

VIR VEILINGS EN EIENDOM-VERKOPINGS

Van Riebeeck Trust Mpy. Bpk.

SECURITY-GEBOU — KAAPSTAD

Takkantore: Bellville, Strand en Wynberg.

ALGEMENE HANDELAAR
en
PRODUKTE-KOPER
S. J. KRYNAUW

vir

Kruideniersware teen
die billikste pryse.

Bestellings word opgeneem en
onmiddellik by u huis afgelewer.
H/v. Garcia- en Nuwestraat.
Foon 68 Bus 54
BEAUFORT-WES.

PLUIMVEE

Die Beste Firma om u PLUIMVEE,
EIERE en ander PRODUKTE aan
te stuur is:

C. M. ELOFF EN KIE.
(Edms.) Beperk
MOREMARK (Postbus 7185) Newtoun

Dameshoede ...

VIR WELKE GELEENTHEID
OOK AL, U KRY VER-
SKEIDENHEID BY

Steyns

DIE MODEWINKEL
PAROW

DIE O.B., WOENSDAG, 5 JUNIE 1946.

Tyd Vir Saamstaan

Wat staan in die pad van samewerking tussen die nasionale groepe? Dit is 'n vraag wat elke denkende Afrikaner hom voortdurend afvra. Die gewone volksgenoot kan geen rede sien waarom daar nie samewerking tussen die Ossewabrandwag, die H.N.P., die Afrikanerparty en ander groepe kan kom nie. Daar is lede van die H.N.P. wat bereid is om aan die Ossewabrandwag 'n aantal setels in die parlement te gun as dit maar eenheid kan bring. As daar aan hulle gesê word dat die Ossewabrandwag geen enkele setel begeer nie, maar bereid is om die H.N.P. kragdadig te ondersteun in 'n verkiesing as laasgenoemde maar net wil inwillig om 'n gemeenskaplike front teen die Smutsbewind met mede-Afrikaners te sluit, dan staan hulle verbysterd. „Maar waarom wil hulle dit dan nie doen nie?” is die ongelowige vraag wat gestel word — 'n vraag waarop die Ossewabrandwag ook 'n antwoord verskuldig bly.

Van H.N.P.-kant word verskillende redes aangevoer, maar nie een is steekhoudend nie. So het mnr. J. G. Strydom onlangs nog in Koers beduie dat die eintlike rede is dat die Ossewabrandwag nasionaal-sosialisties is. Daar kan nie samewerking wees sonder eenheid van denke nie, so word betoog. En om hierdie rede blykbaar het die H.N.P.-organe opdrag, soos verlede week deur die advertensiebestuurder van Die Burger erken, om geen publisiteit aan die Ossewabrandwag te gee nie — selfs nie by wyse van 'n betaalde advertensie nie.

GELD NIE

Maar as die H.N.P. dit teen die O.B. het omrede sy „nasionaal-sosialisme” — 'n naam wat die O.B. homself nog nooit toegestaan het nie — dan behoort hy dit nog meer te hê teen die Gryshemde wat hulle daarop beroem dat hulle die alleenreg op nasionaal-sosialisme het, en dan ook openlik onder daardie naam gaan. Dit doen hulle egter nie. Sowel advertensies as verslae van laasgenoemde se doen en late word opgeneem in die kolomme van Die Burger en selfs van Die Kruithoring.

Daar moet dus 'n ander rede wees waarom die Ossewabrandwag misken word — en wel 'n rede wat nie aan die publiek gesê kan word nie. Maar wat daardie rede ook al mag wees, die tyd het nou aangebreek dat die volk nie meer uiteen gehou kan word terwille van onnoembare redes nie. 'n Gemeenskaplike gevaar van haat en vervolging is op die Afrikanervolk losgelaat, en daarvoor is gemeenskaplike afweer nodig, soos die K.G. 'n paar weke gelede in Kaapstad by hernuwing voorgestel het.

Die Ossewabrandwag soek na samewerking en wat hy vra is minder as wat enige politieke party nog ooit in enige land ter wêreld gevra het. Vir homself vra hy geen setel nie, ook geen geld of selfs dankie nie. Hy vra net dat sy hand van broederskap, wat hy uitgesteek hou, in belang van volk en vaderland gevat moet word. En hy wat hierdie aanbod weier, neem 'n swaer verantwoordelijkheid op homself teenoor die nageslag.

„VERRAAD”-ONDERSOEK

Op die oomblik word daar deur 'n parlementêre komitee ondersoek ingestel na dr. Malan se verhouding teenoor Duitsland aan die begin van die oorlog. Dit is 'n saak wat die hele nasionaalgesinde Afrikanerdom raak, want van Afrikaanse kant is openlik verklaar dat ons in Duitsland nog nooit 'n volksvyand gesien het nie, maar dat ons deur bande van bloed en kultuur aan die Duitse volk verbonde is. Op hierdie punt handhaaf die Afrikaner 'n totaal ander beskouing as die Engelsman. Ons sal ons hele verlede moet verloën as ons onself nou aan die maatskappye van Britse trou gaan meet. Wat vir die Engelsman hoogverraad is, is nog lank en was nog nooit vir die Afrikaner verraad nie. Daarom huldig ons manne soos Kruger, De Wet, Japie Fourie en Beyers wat in opstand gekom het teen Britse gesag. En dat die Britse parlementêre stelsel dit moontlik maak vir 'n Jingo-groep om tydelik die bewind in Suid-Afrika in hande te kry — dit was mos dan ook vir hierdie doel dat die stelsel ingevoer is — maak aan die volkstrou van die Afrikaner geen verskil. Dit gee net meer rede vir die Afrikanervolk om saam te staan ook vir die afskaffing van hierdie vreemde stelsel en die invoering van sy eie, soos dit in 1941 deur die H.N.P., die O.B., en die kultuurliggame binne die Eenheidskomitee aanvaar is.

Laat ons terugkeer tot hierdie loyaliteit en hierdie eenheid, en ons volk sal kragtig genoeg word om alle aanslae van haat en vervolging die hoof te bied.

„Aanval”

Die O.B. het die afgelope jare en veral die afgelope maande aanhoudelik gepleit vir samewerking. As antwoord daarop is hy verwytdat hy die H.N.P. „aanval”. So sat is ons volk vir twis en verdeeldheid dat dit al moontlik is om iemand te beskuldig dat hy „aanval” wanneer hy sy hand van samewerking uitsteek! Die man wat egter met sy hande in die broeksak staan en weier om die aangebode hand te vat of selfs raak te sien, is onbesproke. Dat H.N.P.-leiers openlik onder dubbelkolom-opskrif aankondig dat hulle nooit met die O.B. sal saamwerk nie en dat H.N.P.-blaaie 'n staande opdrag het om geen berig of advertensie van O.B.-aangeleentheid te publiseer langs en in dieselfde kolomme waarin Jode hul koopware adverteer nie, is geen ondiens teenoor volkseenheid nie—dit is wel 'n ondiens om dit bekend te maak!

DIE STEM VAN MOSKOU

Dr. J. A. WHID.

Ook gedurende die afgelope week het jobstydings en jobsvertrouings in die wêreldnuus die toon aangegee. Terwyl hongersnood en hongerdood baie miljoene mense in die gesig staar en verlamende nywerheidskrisisse weeropbou vertraag, neem die inflasie-gevaar in baie lande, selfs in die Verenigde State van Amerika en in Brittanje, steeds dreigender vorms aan. Onstabieliteit in die meeste lande van die wêreld en die gevolglike gisting op politieke, ekonomiese en sosiale gebiede word verder vererger deur internasionale onsekerheid; die wrywing tussen Angel-Saksers aan die een kant en Russe aan die ander kant het al iets alledaags geword. Natuurlik ontbreek dit ook nie aan jobstroosters nie, en een van die vernaamste van hulle is sonder twyfel Jan Smuts. Soos in 1919 raak die Suid-Afrikaanse premier vandag weer in Londen allerhande wysheids kwyt. Soos in 1919 doen hy vandag weer 'n beroep op die hersiening van die beleid teenoor Duitsland ten einde te belet dat die hart van Europa 'n „bron van besmetting word wat 'n groot deel van Europa kan vergiftig.” Soos by die geboorte van die ou Volkebond is die huidige internasionale spanning vir die optimis Jan Smuts hoofsaaklik 'n gevolg van misverstand en gebrek aan kennis omtrent mekaar, hierdie keer by Angel-Saksers en Russe en derhalwe nie te ernstig nie. In plaas dat hy die oorsaaklike samehang tussen die gebeurtenisse van 1919 en dié van 1939 raaksien en hulle by hul regte name noem, wil hy 'n wêreldkrankheid, waaraan hy self aandadig is, met gemeenplase heel. Veldm. Smuts kan in hierdie opsig gerus die voorbeeld van die Rus Molotof volg, die internasionale spanning altans grondig en saaklik diagnoseer en dinge by hul regte name noem.

MOLOTOF SE VERKLARING

Molotof, Russiese minister van buitelandse sake wat onlangs die mislukte konferensie van buitelandse ministers in Parys bygewoon het, het 'n paar dae gelede opsienbarende verklarings in Moskou gedoen. Aan hierdie verklarings het die Moskouse omroep wêreldwye publisiteit verleen en hulle sou die spanning tussen Washington en Londen aan die een kant en Moskou aan die ander kant vererger het.

Molotof se verklarings bevat 'n reeks aanklakte teen die Russiese bondgenote van gister. In „sekere Amerikaanse kring” sou daar 'n begeerte wees om die wil van die V.S.A. en Brittanje op Rusland af te dwing. Om hierdie rede probeer „sekere Amerikaanse kringe met die hulp van hul Britse vriende” om 'n reeks lugmag- en vlootbasisse oor die hele wêreld te verkry. Waar daar in die oorlog, toe die drie wapenbroers van mekaar se militêre hulp nog afhanklik was, op die konferensies van Teheran, Yalta en Potsdam eenstemmigheid bereik is en besluite vryelik deur al die deelnemers geneem is, word dit vandag al duideliker dat „sekere moondhede” (die V.S.A. en Brittanje) nou hul wil op die ander (Rusland) probeer afdwing. Hierdie moondhede, so gaan Molotof voort, wil twispunte na die konferensietafel toe bring en die konferensiekamer 'n plek maak waar gestry en getwis word.

Maar laat Die O.B. dit waag om aan te kondig dat daar ook binne die H.N.P.-geledere mense is wat samewerking met die Ossewabrandwag begeer, dan val hy die H.N.P. aan! Terwyl die enigste nadeel wat die H.N.P.-leiding hierin berokken kan word, net is dat hy „ondermyn” kan word in sy volharding om in vyandskap met die Ossewabrandwag te lewe.

As die volk nie ingelig mag word oor wat in die pad van samewerking staan of hoe daar ten opsigte van samewerking gevorderd word nie, sal hy nooit tot eenheid kan kom nie. Die oorsake van die verdeeldheid moet eers verwyder word en dit kan die volk alleen doen as hy weet wat daardie oorsake is.

Die O.B. wil nie meer twis met sy broer oor ultimatus en oorlogsverklarings nie, maar hy sal met hom twis oor sy onwil om saam te werk. Dit is hy verskuldig aan die volk.

Ter stawing van hierdie beskuldiging noem hy die voorbeeld van Italië. Terwyl „die ontwerp van die vredesverdrae met Bulgarye, Roemenië, Hongarye en Finland”, d.w.s. almal lande waar Moskou die hoogste woord voer, in hoofsaak as voltooi beskou kan word”, wil Washington en Londen 'n vredesverdrag met Italië sluit „voor die groot moondhede die nodige voorlopige ooreenkoms oor die opstel van die verdrae bereik het.” Rusland kan Italië, volgens Molotof, nie as die gelyke beskou van die lande wat dwarsdeur aan die kant van die Geallieerdes geveg het nie.

RUSSIESE EISE TEEN

ITALIË „REDELIK”

Met die oog op die invalle van Italiaanse troepe op Rusland, Suid-Slawië, Griekeland en Albanië en die verliese aan mense en materiaal wat hierdie invalle veroorsaak het, sou die Russiese eise om herstelbetalings van Italië „redelik” wees. Aangesien Italië in die laaste jaar van die oorlog hulp aan die Geallieerdes verleen het, „het die Sowjet sy regverdige eise om herstelbetalings tot beskeie omvang beperk.”

Dit is bekend dat hierdie Italiaanse herstelbetalings juis een van die rotse was waarop die Paryse konferensie skipbreuk gely het. Die herstelbetalings wat vir Moskou van „beskeie omvang” is, was vir Washington en Londen „onmoontlik hoog”.

DIE DONAUGEBIED

Volgens Molotof kan dit voorts nie toegelaat word dat „sekere state” wat nie in die Donaugebied lê nie, aan die Donau-state voorskryf op 'n wyse wat nie met die belange van die Donau-state, veral van Tseggoslowakye en Suid-Slawië, ooreenkom nie.

Hier roer Molotof 'n saak aan, nl. die Donaugebied wat sonder twyfel een van die neteligste van die vredeskonferensies gaan wees. Dit is nie duidelik wat met „sekere state” bedoel word nie en ons moet dus maar raai. Wat egter wel duidelik is, is dat Moskou vandag namens die Donau-state, een van die belangrikste dele van Europa, wil praat.

Buitelandse Oorsig

lik wat met „sekere state” bedoel word nie en ons moet dus maar raai. Wat egter wel duidelik is, is dat Moskou vandag namens die Donau-state, een van die belangrikste dele van Europa, wil praat.

MEER BESKULDIGINGS, SELFVERDEDIGINGS EN DREIGEMENTE

Molotof se verklaring bevat nog meer beskuldigings teen sy vroeëre Angel-Saksiese bondgenote en regverdigheds van die Russiese standpunt. So insinueer hy dat Washington en Londen teen Moskou se eise insake Italiaanse herstelbetalings gekant is omdat die Italiaanse nywerheid aan Britse en Amerikaanse belange onderworpe is.

Op die Paryse konferensie, so beweer Molotof, „het ons nogeens te staan gekom voor die Brits-Amerikaanse blok, wat hier nie 'n offensief vir die vrede voer nie, maar 'n offensief teen Rusland.”

Ook aan dreigemente ontbreek dit nie. „Geen land met selfrespek,” aldus Molotof, „sal toelaat dat 'n ander sy wil op hom afdwing nie. Daar is 'n beweging in party buitelandse kringe aan die gang om Rusland uit te stoot uit die voor-aanstaande plek wat hy regmatig in internasionale aangeleenthede beklee, en om die internasionale prestige van die Sowjet te benadeel. So kan alleen opgetree word deur kort-sigtige reaksionêre kringe wat tot mislukking gedoem is. Hulle kan nie verstaan dat Rusland, wat die grootste aandeel gehad het in die stryd om die bevryding van die mensdom van die fascistiese tirannie, tans regmatig 'n plek in internasionale aangeleenthede beklee wat ooreenkom met belangstelling vir die gelykheid van groot en klein volke en hul drang na vrede en veiligheid nie.”

MOSKOU EN WERELDPOLITIEK

Molotof het sonder twyfel die Russiese standpunt duidelik en met verbluffende openhartigheid gestel. Rusland wil op grond van sy militêre prestasies gedurende die jongste wêreldoorlog saam met sy Angel-Saksiese bondgenote ook op sy manier wêreldpolitiek dryf. Wie en wat gaan hom keer? As die Angel-Saksers hulle met die aangeleenthede van ander wêrelddele en ander lande bemoei, waarom ook nie die Russe nie? Wêreldpolitiek is per slot van rekening niks anders as magspolitiek nie en die vraag is net of die wêreld vir die wêreldpolitiek van Angel-Saksers en Russe groot genoeg is.

Die huidige toestand van kromme wrywings en botsings tussen Angel-Saksers en Russe berus nie op „misverstand”, soos veldm. Smuts beweer nie, maar op diepgaande belangegeeskille wat nie deur soetsappige praatjies uit die wêreld geruim kan word nie. Dit alles het die Angel-Saksers op hul eie hoof gehaal. Die stem van Moskou, soos deur Molotof vertolk, laat hieroor geen twyfel nie. Die toekoms lyk bedroef somber.

VIR BOERE

GEDRUKTE DIENSKONTRAKVORMS (Vorm T.O.D. 1)

Memorandum van ooreenkoms tussen die boer en sy plaasvolk. Spesiaal opgestel om die boer 'n wetlike grond vir klagte te gee indien moeilikheid met werkvolk ondervind word.

Prys 5d. per vorm of 4/9 per dosyn posvry.

Stuur u bestellings, vergesel van die nodige bedrag, aan:

TRANSORANJE-DRUKPERS BPK.
POSBUS 73 — BETHLEHEM

Kommuniste Folter Leier Tot Erkenning

Review of World Affairs gee die volgende beskrywing van die lot wat die Joegoslaviese generaal Michailowitch, wat die weerstand teen die Duitsers gelei het totdat hy deur die Russiese agent Tito vervang is, tans as „oorlogsmisdadiger” onder die kommunistiese bewind ondergaan. Sy misdadaad was dat hy geweier het om ook sy land aan die kommuniste uit te lewer.

„Die generaal is eers na die tronk in Belgrado vervoer. Hy is geneem na die OZNA-folterkamer waar hy vir 74 uur gehou is. Sy geskreeu kon in baie dele van die gebou gehoor word. Gedurende hierdie „ondersoek” het die onder-premier Edward Kardelf die tronk tweemaal besoek.

„Die foltermetodes wat aangewend is, is uitgevind deur Lazic en Bedekovic — voormalige vriende van Michailowitch. Slegs twee mense het dit nog ooit weerstaan — wat geweier het om te praat. Albei het gestierf.

„Michailowitch het tot die laaste weerstand gebied teen die ongelooflike marteling (dit kan nie gepubliseer word nie) en toe het hy gepraat. Hy is teruggedra na sy sel sonder klere, en onherkenbaar. Tans word hy geneeskundig behandel ten einde te kan verskyn voor die hof. Aan hom is gesê dat as hy een enkele woord van sy verklaring terugtrek, die foltering van A tot Z herhaal sal word.”

Onlangs is berig dat die Amerikaanse regering aangebied het om in belang van Michailowitch te getuig. Dit is blykbaar nou oorbodig.

Stop Bestellings Sê Adverteerder

„Sê my hoe moet ek weer 'n stop sit aan al die bestellings, ek kan dit eenvoudig nie ten uitvoer bring nie,” skryf mnr. J. F. v. d. Merwe, Seramie, Pk. Kaallaagte, na aanleiding van 'n advertensie wat hy eenmaal in Die O.B. geplaas het.

Mnr. Van der Merwe het twee verskillende advertensies (te koop en gevra) geplaas en hy skryf: „Van albei advertensies kry ek meer as die verlangde aandag. Ek kon noulks dink dat Die O.B. so 'n uitstekende advertensiekolom besit. As dit langer so aanhou, gaan hy die beste blad word.”

Funksies en Etes Op 14 Junie

Met die doel om fondse in te samel vir 8 Augustus, hou die Vrouekommando Kaapstad-Sentraal 'n funksie in die Komiteekamer van die Groote Kerkgebou, op Vrydag, 14 Junie.

Om 12-uur sal 'n ligte middagete bedien word.

'n Gesellige aand, met speletjies, musiek, samesprake, wedstryd, koffie, ens. sal van ongeveer 7.30 'n aanvang neem.

Almal wat graag 'n aangeenname en plesierige uurtjie wil deurbring, word vriendelik genooi.

Uit Die Week se Nuus

GRAANVOORRAAD: Die Unie se huidige koringvoorraad word op 65,000 sak geskat. Die Minister van Landbou het ook bekend gemaak dat daar sowat 28,000 ton meelblom en 32,000 ton koring op pad na die Unie is. Dit is nog nie vasgestel van watter land die koring afkomstig is nie.

Die vooruitsigte vir die mielie-oes is besonder goed. Omdat die ryp so laat weggeby het, word daar 'n addisionele 3,000,000 sak verwag. Die vroeëre skatting was 16,000,000 sakke.

KIEMWAPEN: Amerikaanse wetenskaplikes beweer dat hulle 'n kiemwapen uitgevind het waarvan een ons alle inwoners van Noord- en Suid-Amerika kan uitwis. Hierdie gifstof was tot onlangs slegs bekend as oorsaak van voedselvergiftiging. Dit is nou in 'n suiwer vorm afgeskei. Dit word beskryf as baie gevaarliker as die atoombom.

Blommefonds Van O.B.-Vroue

Onlangs is in die pers berig dat daar in Pretoria 'n Blommefonds gestig is wat ten doel het om die geld wat anders vir blommekranse ter ere van 'n afgestorwene uitgegee word, in 'n fonds gestort word vir maatskaplike welsynwerk. Die berig het dit die eerste van sy soort in die Unie genoem.

Die O.B.-vroue van Kaapstad het egter reeds die afgelope paar jaar so 'n stelsel ten opsigte van sterfgevallen, huwelike, geboortes en verjaardae. Kaartjies kan van die Vriendskapsentrum, Kamer 605, Groote Kerkgebou, verkry word. Daar is nog 'n groot voorraad op hande. Die vroue wil hierdie saak weereens sterk aanbeveel by alle O.B.-lede.

Treinpersoneel Gee Vir Noodhulpfonds

Op 'n onlangse treinreis het 'n paar lede van die personeel met 'n lid van die Beweging gepraat en voor hulle uitmeekaar gegaan het, het hulle die silwergeld (7/9) wat hulle by hulle het (hulle was nie hoogbesoldigdes nie) uitgehaal en versoek dat die lid dit namens hulle in die Noodhulpfonds moet stort.

Hulle moet weens Noodregulasies naamloos bly, maar ons dink in kameraadskaplike dankbaarheid aan hulle.


Kom „Open” Self Sy Eie Parlement

Ten einde die Engelse koning wat in Februarie aanstaande jaar die Unie besoek, die geleentheid te gee om sy parlement in Suid-Afrika self te open, sal die parlamentsitting nie vanjaar „afgesluit” word nie. Daar sal maar net gemaak word asof hy verdaag om dan in Januarie aanstaande jaar weer vir 'n paar weke byeen te kom. Na afloop van die paar weke sal die koning aankom en die sitting sal „geopen” word, en dan maar weer voortgaan met die werk van die vorige dag.

KOMMUNISTE WEN: Die uitslag van die verkiesing in Tjeggoslowakye verlede week was 'n beslisse oorwinning vir die Kommuniste. Hulle het meer as tweemaal soveel stemme verkry as die party wat net na hulle kom. Van die meer as 7,000,000 stemme wat uitgebring is, het die Kommuniste 2,695,915 gekry. Die res van die stemme is tussen die ander partye verdeel. Die oorwinning van die Kommuniste gee hulle die reg om die volgende eerste minister te kies.

OPSTANDIGHEID: Daar is 'n toenemende onrus en ontvreemdenheid onder die Duitsers te bespeur, meld die Amerikaanse Opperbevelhebber in sy maandelikse verslag. Die agressive houding het so 'n omvang aangeneem dat gewapende militêre magte alle treine moet vergesel en dat wagte gedurig by spoorwegwerwe en depôts op diens moet wees om plundering te voorkom. Die instroming van vlugtelingen uit ander gebiede in die Amerikaanse gebied het 'n ernstige omvang aangeneem, is verklaar.

W. Voigt (Edms.) Bpk.
Fabrikante van
Kelder- en
Besproeiingsmasjinerie
Bus 10 — HUGENOOT, K.P.



DIE PEN BLY MAGTIGER AS DIE SWAARD IN DIE STRYD OM DIE BESTAAN.

LAAT DIE LYCEUM-KOLLEGE — DIE HUISUNIVERSITEIT BY ONEMENDEHEID — U VOORBEREID VIR DIE STRYD DEUR MIDDEL VAN SY MODERNSTE EN EENVOUDIGSTE TUISSTUDIEKURSUSSE. BEKWAAM U BETER IN U WERK DEUR STUDIE!


Knip hierdie advertensie uit en pos dit dadelik.

NAAM
ADRES
Kwalifikasies (Standard Geslaag)
Kursus waarin u belangstel
(Standards VI, VII, VIII, X, N.S.S., Matriek, Wetseksamens, Bantoelietek, Boekhou, Sekretariatskursus, Joernalistiek, Ken u Motorkar, Landbou, Bantoetaie, Taalbond, ens.)

Lyceum Kollege, Posbus 5482, Johannesburg

R. W. van Ryn

BRILMAKER



Bring u oogarts se voorskrifte na my, en doen u keuse uit my groot verskeidenheid moderne brilframe, asook raamlose modelle.

ONTHOU! 5de Verdieping, Groote Kerkgebou, Kaapstad.

Mnr. DIE BELEGGERS!

Slaan die Yster terwyl dit Heet is!

- VIR 'N BEPERKTE TYDPERK SAL DAAR NOU VIR BELEGGERS GELEENTHEID WEES OM OP GEWONE SOWEL AS 5% VOORKEURAANDELE IN UNIEWINKELS BEPERK IN TE SKRYF.

DIE VERLEDE

- Uniewinkels het reeds bewys dat hy die vertroue van die belegger waardig is. Benewens die sterk reserwes wat opgebou is, is 'n diwidend van 7½% per jaar vir die afgelope drie jaar gehandhaaf. Uniewinkels het werklik DIENS gelewer. Hoe anders kon hy sy omset in 'n betreklike kort tydperk vervyfdubbel?

DIE TOEKOMS

- As hy onder die ongunstige omstandighede van die verlede hier toe in staat was, spreek dit vanself dat hy in ruim, aantreklike en doeltreffend toegeruste persele tot oneindig meer in staat sal wees. Die doel van die huidige uitbreiding van kapitaal is juis om sulke gunstige toestande te skep.

NOU

- Uniewinkels se proefperiode is verby. Die saak is terdeë gevestig, finansiële kerngesond en sukses is verseker. Dit is nou die aangewese tyd om 'n geldelike belang in die saak te verkry of dit uit te brei. Nou kan u nog aandele bekom teen 'n prys wat spotgoedkoop is in vergelyking met die werklike waarde van die aandele. Nou kan u ook nog 'n betreklike groot aantal aandele bekom. U sal nie weer so 'n kans kry nie! Indien, soos verwag word, verdere uitgifte van kapitaal in die toekoms gemaak word, sal die gebruiklike prosedure waarskynlik toegepas moet word, nl. dat nuwe aandele slegs aan persone wat dan lede is, aangebied sal word en wel in verhouding met die aantal aandele wat hulle dan mag besit. Nou is dus ook die tyd om stelling in te neem vir die toekoms.

PROSPEKTUS

- Volle besonderhede aangaande die aandele wat aangebied word, verskyn in die prospektus, wat die grondslag vorm van alle inskrywings en wat van die Sekretaris of enige Tak verkrygbaar is.

Kerkstr. 275
Posbus 909

UNIEWINKELS

Foon 2-0131
PRETORIA

BEPERK

DIREKTEURE: D. C. Malan, dr. N. Diederichs, E. J. Grobbelaar, dr. A. J. Stals, J. du Pisanie, M. Hutten, I. M. Lombard.

TAKKE: JOHANNESBURG, BENONI, VEREENIGING, KAAPSTAD.

TARIEF VIR GEKLASSIFIEERDE ADVERTENSIES.

Huishoudelike Kennisgewings: (Verloving, huwelik, geboorte, sterfgeval, in memoriam, gelukwensing, ens.) 2d. per woord; minimum 4/- per plasing. Vooruitbetaalbaar. Vir herhalings 25 pst. afslag.

Handelsadvertisies: Enkele plasinge (vooruitbetaalbaar): 2d. per woord, minimum 6/- per plasing. Vir 2 tot 26 agtereenvolgende plasinge: 2 1/2 d. per woord, minimum 5/- per plasing. Vir 27 tot 52 agtereenvolgende plasinge: 2d. per woord, minimum 4/- per plasing.

Intekengeld op „Die O.B.“ (verskyn weekliks): 10/- per jaar of 5/- vir 4 maande. Vooruitbetaalbaar.

Stuur advertensiebestellings en Intekengeld aan:
VOORSLAG (EDMS.) BPK.,
Posbus 1411, Kaapstad.

GEBORTE

MOSTERT. — Aan Mr. en Mev. Louis Mostert van Melville, Johannesburg, 'n fris O.B.-seun op 26 Mei. Naas God dank aan verpleegster en Dokter.

VERLOWING

CRONJE — EBERSOHN. — Hiermee maak Rina, tweede oudste dogter van Hoofkomdt. en mev. Frikkie Ebersohn, Swartfontein, Petrus Steyn en Johan — oud-politieke vlugteling, tans by sy oerhuis — jongste seun van mev. Annie en wyle David Cronje, Haven, Senekal, aan al hul familie, O.B.-vriende en vriendinne bekend dat hulle op 21 Mei 1946 verloof geraak het.

NEL — STEENBERG. — Hiermee wens ons, Hyla (Yda), enigste dogter van mnr. en mev. C. J. Nel, vroeër van Wakkerstroom, en Komdt. F. J. Steenberg (Hannes), vierde seun van mnr. en mev. W. A. Steenberg, van Vrededorp, bekend te maak dat ons onlangs verloof geraak het.

HUWELIK

Vir partytjies, resepsies dinees, probeer die Kaapstadse Afrikaner Koffiehuys (K.T.K.). Uit Wandelgang, Groote Kerkgebou. Lug heerlik verwarm en gesellig op koudste dag. Gerieflike, hoflike en doeltreffende diens.

MALAN — VAN DER VYVER. — Die huwelik van Lily, dogter van Mnr. en Mev. M. M. van der Vyver van Buffelskloof, Ladismith, met André van Ollantsoep, Wellington, vind plaas op Saterdag, 15 Junie, om 10-uur te Ladismith.

Geen kaartjies te Ladismith en Wellington.

Telegramme: Buffelskloof, Ladismith, K.P.

GRAFSTEEN-WERKE

Grafstene, Monumente en Randmure opgerig enige plek in die Unie. Raadpleeg ons vir 'n besonder billike kwotasie.

S.A. GRAFSTEEN-EN MONUMENTWERKE (EENS.) BEPERK
(Jannie Cillie, Besturende Direkteur).
VOORTREKKERWEG — MATTLAND.
Foon 5-4420 en 5-2823 — Posbus 2.

BELANGRIK VIR DAMES

PETRONELLA, Kamer 414, Groote Kerkgebou, Kaapstad. — Kom na ons vir deilige Jasse, Romax Snijerspakke, Trick Tweestuk-Rokke. Ook Trou-taarders word gemaak na mate.

BOEKE, KUNS ENS.

„UIT EIE BODEM“. — U eie tydskrif het nou verskyn. 'n Tydskrif vol verrassings vir oud en jonk. 'n Tydskrif vir die aspirante skrywers en skryfsters van Suid-Afrika is gebore. Ons wil hierdie persone se talente ontwikkel. Daarom teken almal in op „Uit Eie Bodem“. Dit verskyn maandeliks. Die intekengeld is 6/- per jaar. Moet nie die tweede uitgawe mis nie, teken dadelik in. Ons begin in die tweede uitgawe met 'n hele paar groot wedstryde vir oud en jonk, waarin meer as 100 pryse uitgeloot gaan word. En twee vervolgerhale is ook in „Uit Eie Bodem“, een pragtige speurverhaal, en nog baie ander verhale. Dan teken in op „Uit Eie Bodem“ en lag vir ons grappigste „Seef van Sewe“. Moet nou nie wag nie, teken in, anders sal u dalk nie 'n kopie kry nie, want deur die heersende toestand van papier sal ons net aan intekenare kan stuur. Vertel u vriende van „Uit Eie Bodem“. Stuur u intekengeld aan die Sirkulasiebestuurder, „Uit Eie Bodem“, Posbus 9151, Johannesburg.

BETREKKING VAKANT

SKOFMEULENAAR vir Plattelandse meul om so gou as moontlik te begin. Moet goeie ondervinding hê; ook goeie getuiskrifte kan toon. Doen aansoek by: CERES ROLLER MEULE, Ceres.

BENODIG. — Flukse Christelike jong Afrikanerseun, nie jonger dan 21 jaar, as voorman vir algemene boerdery. Mielies- en koringplanterij, melkery. Moet met kaffers kan werk. Losies en inwoning vry. Betaling f11-10-0 per maand, en ses persent van die mielies- en koringoosende. Kan in Julie of 1 Aug. begin. Skryf aan: Genl. I. W. MEYER, Rooiwal, Bus 33, Koppies.

DRAAIER. — Benodig, 'n eersteklas draaibank-werker en passer. Sweis-kwalifikasies 'n aanbeveling. Meld kwalifikasies, ondervinding en salaris verlang. — ROELOU BARRY (EDMS.) BPK., Robertson.

BOME, PLANTE EN SAAD

SOETEMALINGS, „Tube Roses“. 4/6 vir 25, 7/6 vir 50, 12/6 vir 100 knolle. Posgeld betaal. — P. GILDENHUIS, Dagbreek, Naboomspruit.

GROENTESAAD. — Vars, gesertifiseer. Vroeë Kaapse Plat Uie, 7/6; Australiese Bruin, 6/-; Chantenay Wortelsaad, 7/6; Detroit Beet, 7/6. — Skryf om volledige pryslys. Handelsnavrae verwelkom! — KAROO SAAD-VERSPREIDERS, Posbus 107, Oudtshoorn.

SAAD. — Verfraai u tuin met ons pragtige Leliesoorte: Gesplekde oranje TIERLELIES 10/6, 3 tot 4 trompet-vormige wit met pienk getinte REGALE, groot bolle 15/6, Sneeuwit ST. JOSEF 10/6, ingevoerde ANEMONES 5/-, ingevoerde RENONKELS 3/6, GOUE ARUMS 17/6; NARSINGS 8/6; Groot KAAPSE WIT ARUM 10/6, almal per dosyn bolle. Pragtige ROOS SORTERINGS vir Winter-planttyd. Bestel nou. Pryslys vry op aanvraag. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERIE, Posbus 660, JOHANNESBURG.

HERHOLDT se JUBILEUM PERSKE. — Die gevierde „Kersfees Eiberta“, profyt-bringer vir die vrugteboer; genotvol in die huisboord. Voorkom teleurstelling. Plaas u bestellings nou vir ons beroemde swaardraende Vrugte-bome. ROSE van bekoorlike prag in kleurrike sorteringe. Pryslys vry. — HERHOLDT SE BOOMKWEKERIE, Posbus 660, JOHANNESBURG.

GROENTESAAD. — Chantenay Wortelsaad 12/-; Donker Detroit Beet 10/-; Blomkool: Suiderkruis 20/-; Reliance 25/-; Spitz Kopkool 12/6; Koel en Broos Komkommer 15/-; Tom Watson Waatlemoen 16/-; Blaarslaai 22/-; Little Gem Skorsies 12/-; Lang Wit Bos 13/-; Raap 7/6; Uie: Australiese Bruin 6/6; Kaapse Plat Uie: „Silver King“ 12/6. Almal per pond, 2/- duurder op halfponde. Posvry, K.M.B. — PREMIER SAADKWEKERS EN VERSPREIDERS, Schoemanshoek, Oudtshoorn.

GEMENG

DRAAI, PAS- en SWEISWERK en die oprigting en instandhouding van fabrieks- en ander masjinerie word onderneem deur GELDENHUIS SE INGENIEURSWERKE. Wynnestraat 13, Parow. Diens gegrond op 30 jaar praktiese ondervinding. — Elenaar: D. J. Geldenhuys. Foon 959139.

KONTRAKTEUR EN ALGEMENE HANDELAAR. — D. S. du Toit, Armoed, Oudtshoorn. — Kontrakteur: Dors-, ploeg- en skraapwerk met moderne masjinerie. — Algemene Handels-: Luersaad, luershoof, heuning, amandels, ens. — Navrae: Enige Kaaroo-produk verwelkom.

SKOENE EN SKOENREPARASIES. — Probeer C. SAAYMAN vir Doppe Velskoene en ALLE Skoenreparasies. Die modernste masjinerie pas geïnstalleer. — Adderleystraat 99, OUDTSHOORN.

TRANSPORTDIENS. — Indien u moet verhuis, raadpleeg ons vir die vervoer van u meubels. Ons doen alle soorte karweiwerk en staan bekend vir flinke transportdiens. Foon 989501. J. A. MARAIS, Alexandraweg 115, Parow.

VAN'S CONCRETE PRODUCTS. — Terrazzo Kombuis- en Handwasbakke, Baddens, Septiese Tenks, Pilare, Vloerteels, Voertoele. Enigste in beton. — Direkteur: P. W. en P. G. VAN HEERDEN, Potgieterstraat 255, PRETORIA.

GENEESMIDDELS

GRYSHARE tot natuurlike kleur herstel of geld terug. 5/6 per bottel, posvry. Geld met bestelling. Kruidbehandelings vir alle siektes verkrygbaar. — „DIE BOEREVROU“, Bus 7550, JOHANNESBURG.

BLV, JONK.—GRYSHAARWONDER. Die nuutste wêreldwonder teen grysheid waarborg herstel van gryshare vir goed tot natuurlike kleur. 5/- per bottel posvry. Geld met bestelling. — Skryf: BOEREGENEESMIDDELS, Posbus 4272, JOHANNESBURG.

RUMATIEK

BEHANDELING GRATIS. — Ons is daar so oortuig van dat ons 'n egte Suid-Afrikaanse geneesmiddel vir Rumatiek, Lendepyn, Heuppijn en verwante kwale ontdek het, dat ons 'n gratis proefmonster aan enige lyer sal stuur. — Stuur 1/- vir posgeld ens., aan: ANDREWS SE PYNPLEISTERS, Posbus 775, Pretoria.

MEUBELS

MEUBELS. — Koop u meubels van UNIKA MEUBELS (EENS.) BPK. en wees verseker van u waarde en besparing. Geen katalogusse tot beskikking nie. Skryf om besonderhede en meld wat u verlang. — Hoofkantoor: Victoriaweg 171, Woodstock. Takbesigheid: Jan Phillipsgebou, Lady Greystraat, Paarl. Foon 929.

PETRA-MEUBELS BPK. — Die goedkoopste Meubelwinkel in Pretoria vir kwaliteit-meubels. Radios in voorraad. Posbus 1366, PRETORIA.

MEUBELS. — Swierige en duursame Tambotie- en Klant-Meubels, regstreeks van ANDRIES MAREE se Meubelfabriek, teen streng fabrieksprijs. — Navrae: ONS BOERE-MEUBELWINKEL, Scholtzstraat 54, Lichtenburg. Telegramme: „Tambotie“, Tel. 136.

TE KOOP

PLUIMVEE

DAGOUDE-KUIKENS. — Verkrygbaar elke week: Dagoud-kuike vanaf Mei tot einde Oktober. Enige hoeveelheid. Dadelike aflewering, van Australorps en Leghorns en ook Lechorn-Australorps. Almal gebroei van uitgesoekte hennet met hoë eierproduksie. Prys f6 per 100. K.B.A. of K.M.B. Ook broeiplek teen 15/- per 100 eiers te kry in my masjiene met ruimte vir 40,000 eiers. — H. R. MALAN, Weitevrede-Pluimveeplaas, Pk. Kerstfontein, Paarl. Foon 6203.

PLUIMVEE. — Era-Pluimveeplaas bied aan opregte B.W.D. en Typhus-vry dagoud R.I.R. en W.L. kuikens teen f6 per 100. 25 jaar ondervinding. — E. R. ADCKOCK, Posbus 1134, Pretoria.

'n 1938 Dodge Vragmotor-enjin, was nog nie herboor nie, vir f20. — Doen aansoek by: W. F. MARAIS (Jnr.), Tienboskatvlei, Breërivier.

MOTORS

MOTORHAWEDIENSTE. — Vir suiver dienste ondersteun 'n egte Afrikaanse saak. Spuitverf, duikverwydering en sweising. Volledige reparasies aan alle motors. — STRYDOMS GARAGE EN KIE, Toddstraat 8, PORT ELIZABETH.

TE KOOP

HEERLIKE BOSSIETEE, eerste-klas kwaliteit. 100 pond 35/-; 50 pond 18/6; 25 pond 10/-, v.o.s. ons stasie. 10 pond pakkette 5/- posvry Uniestasies. MELVILLE BROEKS, HUMANSDORP.

PERDE. — Een paar swart karperde. Ongeveer 8 jaar. 15 1/2—16 hande hoog. Maklike en vinnige draagwys met mooi aksie. Een sterk en lekker ryper, ander paar keer gery, maar lewendig. Baie geskik met trotse houding. Goeie stalkondisie. Verkoop weens voerskaarse, f70 of naaste aanbod, gelewer in trok Hutchinson. — C. J. SCHOEMAN, Hoeksplaas, Hutchinsonstasie.

SOUT. — A1, 59/-; No. 1, 64/-; No. 2, 49/- per ton, gelaai in goeie sakke. Tevredenheid gewaarborg. Kontant met bestelling. Enige hoeveelheid onmiddellik gelaai. — Mev. F. DE BEER, Rusplaas, P.K. FLORISBAD.

SKRAPER. — 1 Adams „Wheeled Rotary Scraper“. Kapasiteit 1-4 kub. jrts. Prys f50. Skryf aan: J. P. VAN DER MERWE, Snijdersfontein, Beaufort-Wes.

SWINGELS. — Mullawingels teen 5/6 en donkieswingels teen 5/-. Bottelskele teen 3/9. Vierkantige koppe teen 4/6. — KOOS BOTHA, P/s. Serpentine, dlat. George.

TAFEL-AARTAPPELS. — Vars tafelaartappels, graad 1. Tevredenheid gewaarborg. 30/- Okkerneut-grootte, uitstekend vir saad, 30/- per sak. Onmiddellike aflewering. V.O.S. Petrusburg. Kontant. — J. F. VENTER, Bosmansput, PETRUSBURG, O.V.S.

TAFEL-AARTAPPELS. — Heerlike vars, gesonde Up-to-Date Tafel-aartappels teen 32/6 per sak 153 lb. V.O.S. Bethlehem. Ek waarborg tevredenheid. S. W. RABIE, Kommandant, Bus 328, BETHLEHEM.

TUIE. — Vir eerste-klas kar-asook spanne mul- en donkietuie, riemleppaant en gebreide Malmesbury-leer (alles handwerk) raadpleeg: S. J. VAN RENSBURG, Adderleystraat, 107, Oudtshoorn.

VERSE. — Weens tekort aan voer, bied ek 5 tweejaaroud Jerseyverse en 1 Friesvers aan op spoor gelewer teen f7 10s. (sewe pond tien shillings) stuk. Vader geregistreer en moeders uitstekende melkkoeie. Op ontvangs van eerste tiek stuur ek verse aan. Skryf aan: T. S. BRUWER, Koedoeskloof, Ladismith, Kaap.

WAGHONDE. — Die volgende soorte waghonde is van tyd tot tyd ophand en bestellings word inewag. Moenie aarsel nie, skryf dadelik, u kry die waghond waarop u trots sal wees. Ek het talke briewe ontvang van tevrede eienaars van my honde. Hulle word mooi en groot, goed geaard en gehoorsaam.

Duitse Mastiff, reuns f5, teffies f4. Great Dane, reuns f5, teffies f4. Duitse Mastiff x Great Dane, Duitse Mastiff x Bull Mastiff, Duitse Mastiff x Mastiff, Alredale x Irish Terrier, Alredale x Bull Terrier, reuns f3 10s. teffies f2 10s. K.M.B. v.o.s. Wakkerstroom. Skryf aan: D. J. ROBERTSE, „Tempest Kennels“, Bus 91, Wakkerstroom.

WINDLAATERS vir elektrisiteit op plase: 6 v. f13 11s.; 12 v. (vir swaarwerk) f24 6s.; 32 v., 500 w. f49 10s.; 1000 w. f84 3s.; 1200 w. f105 7s. Kan ook 110 w. voorsien en al die batterye vir bogenoemde. Doen aansoek om pryse en besonderhede by: J. W. O'KENNEDY, Posbus 54, Bellville.

TE KOOP GEVRA

BENE. — Die voorsiening van beenmeel in kort. Alle persone wat toegang tot bene het, word ernstig versoek om dit sonder versuim aan ons te stuur. Ons betaal f7 per ton (7/- per 100 pond) vry op spoor u stasie of sylyn. Dit is noodsaaklik dat adviesbriewe gepos moet word as bene gestuur word. Spoedige betaling word verseker. Les sake word VRY teruggestuur. Ons voedingsvoorsiening hang af van die voorsiening van beenmeel. — S.A. HUNT BEENMEEL- EN KUNSMIS-MAATSKAPPI, Warrenton.

Jong Swaardragtige Jersey-koeie, maksimum vier jaar. Konstitusie, gesondheid, melk en bottervet versterkte. Moet kalf voor Julie. Telegrafer hoeveelheid, prys, ens. aan: D. WOLF-AARDT, Bus 54, Heilbron.

ELEKTRIESE WARE

vir alle ELEKTRIESE INSTALLASIES en BENODIGHEDE raadpleeg J. A. WOLFAARDT, Hoofstraat 410, PAARL. Foon 354.

RADIO

LOUW EN LOUW, die Beroemde Radio-ingenieurs, Stasieweg, PAROW, verkoop en herstel Radio's en Elektriese Toestelle. Geregistreerde Elektraite-aannemers. Foon 9-8435.

WYNE

VYF GELLING Muscadel-ikeur f 12s. 6d.; anker f3 17s. 6d.; 5 gellings Roof of Wit Muscadel, Jerpigo of Beate ou Port f2 2s. 6d.; anker f3 2s.; Gelling Roof Soet Muscadel f2; anker f2 18s. 6d.; 5 gelling Worcester Hock Soet f2 18s. 6d.; Half-soet Muscadel f1 15s.; anker f2 11s. Voorwaarde Kontant of K.B.A. Wyn gelewer Bonneviale-stasie. Vatjies moet terugge-stuur word. — J. C. JONKER, Weitevrede-Wynmakery, Posbus 6, BONNIE VALE, K.P.

Smaak

... een van die mees gevoeligste sintule van die mens. Wat u smaak nou ook al mag wees, selfs die kleinste sal hier tevredeheid vind EN DIT WORD GEWAARBORG!! Plaas 'n bestelling en oortuig u self.

PRYSLYS:

	Per bottel in kassies van 12 bottel.	Per gelling in 5 gelling vatjies.
WYNE:		
Spesiaal Soet	2/6	11/-
Rooi en Wit Jerpigo	1/9	8/6
Rooi en Wit Malmsey	1/9	8/6
Rooi en Wit Muscadel	1/8	8/-
Soet Port	1/8	8/-
Port, Pontak, Worcester Hock en Spesiale Sjerrie	1/7	7/6
Goue Sjerrie (Droeg)	1/6	7/-
Gu Bruin Sjerrie	2/3	10/6
„Cocktail“	4/-	—
Vermouth (Droeg en Soet) . .	2/9	—

DROE WYNE:

Burgandy (Rooi) 1/9 —
Udelling en Droë Wit 1/6 —

FONKELWYNE:

Grand Spumante 10/- —
Grande Splendore 7/6 —

BRANDEWYNE:

Eureka 8/6 —
A. I. 8/- —
Boegoe 7/6 —

LIKEURE:

Peperment 7/- —
Kersie, van der Ham, Gummier en Anys 6/6 —

JENEWERS:

Droë, Lemoen en Saurlemoen 7/6 —

MOSKONFYT:

(Nie-Alkoholies) 1/6 (*7/-) —
* Net in 4 gel. blikke.

VOORWAARDES: — Voeg by 20/- per vaatjie of 5/- per kassie met bottels en blik. Deposito's word onmiddellik vergoed op ontvangs van lee labouers spoorvrag betaald.

Rig u bestelling aan: —

VERKOOPS-AFDELING (D)

Excelsior Wymakery

VLAKEPLAAS-STASIE

(Kaapland)

Agricura Hand-Spuitpomp

Maklik verstelbaar van 'n

straat, growwe wolke of

fyn wolke te spuit. Vir

bespuiting van diere, plan-

te, geboue, ens. met alle

vloeibare insektmiddels.

PRYS SLEGS 18/6. Kry

dit by u leweransier of

direk van:

Agricura

Laboratoria

BEPERK

Andersonstraat 204

JOHANNESBURG

NOODHULP-BYDRAES

APRIL 1946

Gebied B.

A. Christian 10/-; Generaalskap B8 f1; B4c2 en C7 (Vryheidsdag) f4-17-6; A. Christian 10/-; Totaal f6-17-6.

BOEREJUG NOODHULPFONDS

April 1946

JB1a8 f2-3-0.

VRYHEIDSDAGGELDE 1946

Gebied B.

Bedrag reeds oorbetal f193-0-5. Kommando B: 1a3 en a8 f20; 1a1 en a6 f36-14-2; 5a1 en a6 f6-5-0; 2c1 en c6 f8-10-0; 6c3 en c8 f5-0-6; Generaalskap B8 f93-3-0. Totaal f362-13-1.

BOEREJUG-NOODHULPFONDS

GEBIED D.

JD3b2 f14-19-2; D3c1 en 6 f50; D f31; D f51-11-6. Totaal f147-10-8.

NOODHULPFONDS-BYDRAE

APRIL 1946

Gebied E.

Kommando E: f40-12-5; 2 f14-19-0; 3 f65-16-5; 4c8 f3; 5 f21-12-2; 6 f149-13-8; 7 f119; 9 f36-5-4; 10 f63-8-10 en f12-8-6; 11 f40-0-1. Totaal f566-16-5.

NOODHULPFONDS-BYDRAE

GEBIED F.

April 1946.

Kommando F: 1 f3-3-0; 2 f23-5-4; 3 f146-17-0; 4 f8-19-3; 6 f6-7-6; 7 f121-7-0; 8 f20-12-7; 9 f20-8-3; Dogters F2 f1-10-0. Totaal f352-14-11.

VRYHEIDSDAGGELDE — GEBIED F.

Kommando F: 1 f3-3-0; 2 f23-5-4; 3 f146-17-0; 4 f8-19-3; 6 f6-7-6; 7 f121-7-0; 8 f20-12-7; 9 f20-8-3; Dogters F2 f1-10-0. Totaal f352-14-11.

Veldtog Teen Monumente

Alle Duitse oorlogsmonumente van 1914-1918 sal deur die Geallieerdes vernietig word, almal die besluit van die Kommissie van Beheer.

Hierdie besluit het egter teenkanti ondervind in die Britse Laerhuis. Churchill het die mening uitgespreek dat die Geallieerdes meer te doen het as monumente te vernietig. Ander lede het hom ondersteun en daarop gewys dat daar baie grafte van Britse soldate in Duitsland is en dat so 'n besluit hierdie grafte in gedrang mag bring. Melding is gemaak dat die Duitsers geen graf van die vyand gedurende die oorlog geskend of vernietig het nie.

Smuts Waarsku Weereens

'n Hersiening van die beleid van die Geallieerdes ten opsigte van Duitsland is deur genl. Smuts in 'n toespraak van uit Londen aanbeveel. Die huidige beleid van die Geallieerdes kan 'n nadelige uitwerking op die hele Europa hê. Hy het verklaar dat dit niks help dat die V.V.O. omvattende reëlins tref as daar in die hart van die vasteland 'n toestand geduld word wat 'n verwyrt vir die beskaving is nie. Daar moet nie gepoog word om 'n groot geskiedkundige volk of hul vaderland of hul lew

DIE Boere JEUG

AMPTELIKE ORGAAN

Byvoegsel tot Die O.B. van Woensdag, 5 Junie 1946

'n Geskenk Vir Die Nageslag 'n Egte Boereresepboek

Dit is te verstane dat die Boerejeug met sy hartstogtelike liefde vir sy volkseie vir hom as eerste doel sal stel: die opspoor en bewaring van sy volk se kultuurskatte. Aan die dogters is toe die eerste kans gegee om die waardevolle ou kosreseppe wat die Boer so beroemd gemaak het, op te spoor en in boekvorm uit te gee.

Van die dae van Simon van der Stel was die Kaapse vrou alombekend vir haar gasvryheid en heerlike maaltye. Ongelukkig het die mense in daardie dae met 'n soort van vergating op die land se eie produkte afgekyk en liefs ingevoerde geregte vir hul gaste voorgesit.

Dit was egter die veeboer se vrou wat afgesny van die beskaving van die Kaap ons land se produkte in die smaaklike geregte begin verwerk het waarvoor ook sy in haar eenvoud by reisigers lof uitgelok het. Sy, die voorloper van die Voortrekervrou, moes met die grootste vernuf maaltye klaarmaak, want baie van die speserye en ander bestanddele wat ons vandag as onontbeerlik by die bereiding van 'n maaltyd beskou, het hulle eenvoud-

dig nie gehad nie. Watter vindingrykheid en eie nasionale kookmetodes het nie daar in ons binneland sy ontstaan gehad nie! Die Voortrekervrou en ons grootjies het daarop voortgebou.

BLIKOOPMAKER

Maar helaas, deur die jare heen het ons, die nageslag, daardie kuns van ons volksmoeders in onbruik laat raak. Ons skep nie meer dieselfde behae in die kuns van voedselvoorbereiding nie en kan tereg gesê word waar 'n maaltyd vroeër met gebed geopen is, word dit vandag met 'n blikopmaker gedoen!

Ons praat so dikwels van die heerlike tert wat Ouma bak, maar doen ons ooit die moeite om die geheim van die sukses uit te vind en self aan te leer?

Daarom is die Boereresep-kompetisie in die lewe geroep. Elke dogter moes haar bes doen om van hierdie ou egte Boerereseppe op te spoor en aan Boerejeughoofkwartier te stuur. Die beses sou dan uitgesoek en in 'n kookboek uitgegee word — 'n kookboek wat die Boer-dogter vir haar nageslag voltooit het. Ook sou sy daardeur die Boerejeugnoodhulpfonds gestyf het, want die geld vir die boekie gein sou daarin gestort word.

GAAN UITGEE

Soos duidelik uit die beoordelaars se rapport blyk, is ons bitter teleurgesteld. Hulle aanbeveling om 'n nuwe kompetisie uit te skryf, kan ons ongelukkig nie nou doen nie. (Daar is reeds twee ander kompetisies aan die gang wat besonder goed verloop.)

Ons is egter nog vasbeslote om die boek uit te gee en ons glo die Boerejeug is net so vasbeslote om daarvan 'n puik stuk werk te maak. Daarom word 'n beroep op elke Boer-dogter gedoen om in die loop van die jaar tenminste een egte Boereresep aan Boerejeughoofkwartier te stuur. 'n Veldkornetskap kan dit b.v. as hul studiestuk vir 1946 aanpak en gesamentlik intense navorsingswerk op die gebied doen. Dit is ons Boerdogters se eerste geleentheid om iets tot stand te bring wat deur die jare heen 'n blywende bewys van hul erkentlikheid teenoor die voorouers sal wees.

Wat ons moeders opgebou het, mag ons, die kinders, nie in vergetelheid laat wegsink nie.

VERJAARDAGKETTING

- 25 MEI: Charlene Cillie, Wellington.
30 MEI: Theunis Theron, Merweville; Heille de Bruyn, Loxton; Ansie Coetzee, Paarl; Elisabeth Smit, Bethlehem; Frans du Preez, Makoppa.
31 MEI: Abraham Koch, Observatory; Engela le Roux, Loxton; Carle Cillie, Wellington.
1 JUNIE: Petronella Henning, Aughrabies; Junith Olivier, Beaufort-Wes; Benett Gouws, Port Elizabeth; Martha Theron, Frasersburg; Willem Norval, Johannesburg; Anna Muller, Frasersburg; Otto Langeveldt, Woodstock; Mercia Sinclair, Goodwood; June Beukman, Kuilsrivier; Salmon Fourie, Wilgenhoutsdrift; Maria van Emmenis, Baltimore; Willie du Toit, Matrooster; Johanna Vermaak, Middelburg, Tvl.; Odendaal Ross, Poriesburg.
2 JUNIE: Paul Brandt, Potchefstroom; Joyce van der Merwe, Carnarvon; Maria Bothma, Beaufort-Wes; Catharina Marais, Port Elizabeth; Petrus Wagenaar, Kirkwood; Johanna van der Merwe, Worcester; Elisabeth Muller, Frasersburg; Pieter Gunter, Paarl; Hester Retief, Paarl.
3 JUNIE: Susannah Pace, George; David Muller, Sutherland; Francois Gericke, Mosselbaai; William Morland, Franschhoek; Maria Vorster, Loxton; Susanna Roux, Franschhoek; Christine Spengler, Bellville; Willie Coetzee, Cradock; Ivan Vorster, Loxton; Willem Killan, Middelburg, Tvl.; A. Terreblanche, Rustenburg; Diana Jacobs, Philippolis; Christiaan Dreyer, Frankfort.
4 JUNIE: Lena Scholtz, Pearston; Jessas de Kock, Komgha; Johannes Fourie, Uplington; Gert Visser, Nababeep; J. Enslin, Bellville; O. Calitz, Oudtshoorn; Johanna Nel, Wilgenhoutsdrift; Hendrik de Beer, Kankamas-Oos.
5 JUNIE: Annie Benecke, Port Elizabeth; Engela Steenkamp, Aughrabies; Arnoldus Dampers, Heidelberg, K.P.; Junius du Toit, Maribogo; Susanna Strydom, Merino; Doreen Snyders, Parow; Ockert Fobian, Woodstock; Armonie Visser, Marchand; Lettie Niennaber, Grootfontein; Alletta van Rooyen, Pietersburg; H. van der Linde, Rashtoop.

Toets U Kultuur-Kennis

III.

1. Wie was ons veelsydigste letterkundige?
2. Onlangs is 'n opera vir die eerste keer in Johannesburg in Afrikaans opgevoer. Wat is die naam daarvan en wie het dit vertaal?
3. Wie is die boumeester van die Voortrekkermonument?
4. Wie was die beeldhouer van die Paul Kruger-standbeeld op Stasieplein, Pretoria en die vrouefigure op die Vrouemonument?
5. Wie het die volgende geskryf: Die Stille Avontuur, Die Dieper Reg, Magdalena Retief, Somer, Louis Trichardt?
6. Noem 'n bekende Suid-Afrikaanse skilderes en 'n skilder wat ook 'n hoë O.B.-offisier is.
7. Wat was die eerste Afrikaanse rolprent se naam?
8. Watter toneelgeselskap het „Oom Paul” opgevoer?
9. Waarvoor staan F.A.K. en noem een groot bydrae deur hierdie liggaam tot ons musiek?
10. Welke ontspanningsaktiwiteit by die Lenteskole val veral in die smaak van oud en jonk?

(Antwoorde moet Boerejeughoofkwartier voor 20 Junie bereik.)

ANTWOORDE: TOETS II.

1. Die simboliese Ossewatrek van 1938.
2. Dr. J. F. J. van Rensburg, Genl. J. A. Smith.
3. Veldkornet, 3 asst.-veldkornette, 9 sersante, 27 korporale, 5 brandwagte onder elke korporaal. Die Boerekleingood word apart onder een van die asst.-veldkornette(s) ingedeel.
4. K.G., A.K.G., Gebiedsgeneraal, Gebiedsvrou, Hoofgeneraal, Skakelvrou/hoofkommandante, Generaal, Volksorgoffisiere / asst.-hoofkommandante, Hoofkommandant, Kommandant(e), Veldkornet(te), Asst.-veldkornet(te), Ser-sant(e), Korporaal(e).
5. Gebied A — Wes-Kaapland met gebiedskwartier in Kaapstad. Gebied B — Oos-Kaapland met gebiedskwartier in Port-Elizabeth. Gebied C — Vrystaat en Griekwaland-Wes met gebiedskwartier in Bloemfontein. Gebied D — Natal en Griekwaland-Oos met gebiedskwartier op Utrecht, Natal. Gebied E — Suid-Transvaal met gebiedskwartier in Johannesburg. Gebied F — Noord-Transvaal met gebiedskwartier in Pretoria.
6. 'n Veldkornet het 2 strepies weerskante van die kenteken op die rangband; 'n kommandant 3 weerskante en 'n hoofkommandant een akkerblaar weerskante i.p.v. die strepies.
7. Die kleure van die O.B.-vlag is groen, oranje, wit en blou, terwyl dié van die ou Vierkleur groen, rooi, wit en blou was.
8. Kyk, dit pryk op ons blad.
9. Om die slag van Amajuba wat die Boere die oorwinning in die eerste Vryheidsoorlog besorg het, te herdenk.
10. Elke stemgeregtigde burger.

ONDERSTEUN ONS ADVERTEERDERS!

Hy Kom ! KERN.

waarop almal wag.

DIE AFRIKAANSE
“READERS DIGEST”

uit 500 S.A. blaaie

DIE BESTE IN
AFRIKAANS

Verskyn 1 Julie

Maandeliks 100 blaaie

1s. 6d.

Elke Nommer Puik

TEKEN

VROEGTYDIG IN BY

„KERN”

Posbus 3261

KAAPSTAD

G. A. FICHARDT, Bpk.

(Lid Afrikaanse Handelsinstituut
MASJINERIE, YSTERWARE,
PRODUKTEHANDELAARS
Foon 700 Opgerig 1848
BLOEMFONTEIN

DIE MAN MET
ONDERNEMINGSGEES
plant

Rose — Vrugtebome —
Sier- en Skaduweebome

ONS BIED DIE BESTE
KWALITEIT BOME AAN

Bestellings stiptelik
uitgevoer.

Lyste en advies gratis.

ROCKEY
K WEKERYE
MABAALSTAD
oor Koster.

GEVRA:

FINANSIËLE HULP

Jong, ywerige student soek
finansiële hulp om vier-
jaarskursus aan die Kweek-
skool op Stellenbosch te
volg. Wie kan help?
Skryf aan M.D., p/a „Die
O.B.”, Posbus 1411, Kaap-
stad.

MARKAGENTSAP

VROEE MÔRE-MARK

KAAPSTAD

Betaling geskied onmiddellik
weekliks, maandeliks of
soos verlang

Beste heersende pryse

MINNAAR

EN VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF

U HET REEDS

DIE MODERNE STAAT
(2/6 posvry) AANGESKAF

Vir die nodige REGSAGTERGROND moet
u ook die volgende boek deur dieselfde
skrywer kry:

INLEIDING TOT DIE

Algemene Regsleer

EN JURISPRUDENSIE

deur Prof. L. J. du Plessis
3/- posvry.

„Mag ek hoop dat dit hierna nie meer nodig sal wees om bewyse daarvoor aan te voer dat regshandhawing meer insluit as beskerming van die individu se subjektiewe reg volgens liberalistiese opvatting, dat dit inderdaad die volle staatstaak omvat”. — Die Skrywer.



Nuwe Boeke:

EERS DIE KONINKRYK Deur H. J. M. Redelinghuys	7/10
GOD SE VOORSIENIGHEID Deur Ds. I. D. KRUGER	2/3
REISIGERS NA NERENS , deur W. v. d. Berg	8/9
NUWE MÔRE , deur Sita	8/6
TOE SY TERUGKOM — Massie Muller	9/-
'N SONDERLIKE LEIDRAAD , deur G. Lampen	6/7
BLARE WAT VAL , deur Regina Neser	7/3
DIE VERWAAIDE VLAM — Louise Behrens	9/-
DIE SUIDERKRUIS — Karin	8/-
DIE ATLEET EN SY AFRIGTING — Boy Coetzee	8/4
DIE ANTIEKE DRAMA , deur T. J. Haarhoff	7/6

So pas verskyn:

4de Hersiene Druk van

AFRIKAANSE SPRAAKKUNS

deur Dr. A. C. Bauman en Dr. E. C. Pienaar

7/- posvry.

PRO ECCLESIA-BOEKHANDEL

POSBUS 29

STELLENBOSCH

Die Bevrider Van Spanje

— GENL. FRANCO

Vir die wat hom ken, is genl. Francisco Franco Bahamonde, regeerder van Spanje, 'n persoonlikheid wat gesag inboesem en agting af-dwing.

Sy vermaardheid, sover as wat die wêreld in die algemeen betref, het begin gedurende die Spaanse Burgeroorlog in 1936 met sy optrede teen die kommunistiese regering, maar hy was lank voor hierdie datum in Spanje bekend, en deur Franse stafoffisiere was hy beskou as 'n dapper soldaat.

Genl. Franco is van gemiddelde hoogte, vriendelik in sy voorkoms, het bruin oë, swart hare en 'n dun militêre snor. Mense wat hom vir die eerste keer sien, hou dadelik van sy vriendelike, laggende oë en sy openhartige glimlag. Hy is 'n uitgesproke Christen.

In 1906, toe hy veertien jaar oud was, het hy by die Akademie vir Infanterie ingeskryf. Op die jeugdige leeftyd van sewentien het hy sy opleiding voltooi en het hy meegedoen aan die veldtog onder genl. Berenguer in Noord-Afrika teen die Sultan van Morocco. Gedurende hierdie veldtog het genl. Franco hom onderskei as 'n dapper soldaat en het die rang van kaptein verwerf in die ouderdom van 20 jaar. Nadat hy in die slag van Buit gewond is, is hy bevorder tot kommandant, 'n rang wat gelyk staan aan majoor. Hy was toe 23 jaar oud.

JONGSTE MAJOOR

As die jongste majoor in die Spaanse weermag het hy twee jaar met die Principe-regiment in Asturias deurgebring. In 1923 is hy met Carmen Polo in die huwelik bevestig. Na sy huwelik vertrek hy na Morocco waar hy die assistent word van die bevelvoerder van die Spaanse Vreemde Legioen. Hierdie afdeling van die leër was be-roemd vir hulle dapperheid en dissipline.

Vir sy dappere dienste in Morocco ontvang hy die Militêre Medalje en word bevorder tot luitenant-kolonel van die Legioen op 31-jarige leeftyd. In die ouderdom van 34 jaar is hy bevorder tot brigadier-generaal en was hy die vertroueling van die Spaanse opperbevelhebber en held in die oë van die Spaanse volk.

Voor die revolusie van 1931 was hy hoof van die Militêre Kollege van Zaragoza — dwarsdeur Europa bekend vir sy deeglikheid — maar met die totstandkoming van die Republiek word hy uit hierdie pos ontslaan omdat sy opvattinge

bots met dié van die regering en in 'n minder belangrike pos geplaas.

TEEN KOMMUNISTE

Met die uitbreek van die kommunistiese revolusie in Barcelona en Asturias word Franco na Madrid geroep vanwaar hy die veldtog beheer het wat tot die onderdrukking van die opstand gelei het.



GENL. FRANCO
Bestand teen die dwaasheid van 'n wêreld.

Hy word nou hoof van die generale staf en in hierdie hoedanigheid bou hy die leër weer op wat tydens die driejarige bewind van die Republiek hope-loos verval het. In 1936 verower die kommunistiese volksfront die bewind en genl. Franco word na die Kanarie-eilande verband. Hy verskyn egter met behulp van 'n Engelse private vliegtuig op 19 Julie in Morocco vanwaar hy die opstand teen die kommunistiese bewind gelei het. Dit is nie bekend hoe en deur wie genl. Franco aangewys is as leier van die opstand nie, maar sy beroemdheid en persoonlikheid het hom die aangewese leier gemaak. Hy het tevore al die regering gewaarsku teen die kommunistiese uitspatlikhede, maar sonder gevolg.

STAATSHOOF

Op 1 Oktober 1936, in die ouderdom van 43 jaar, is hy uitgeroep tot hoof van die Spaanse staat in teenwoordigheid van militêre, burgerlike en kerklike leiers. Hy het geantwoord met die woorde: „Julle het Spanje in my hande geplaas, en ek verseker julle dat

my hand nie sal bewys nie. Met julle hulp sal ek Spanje verhef tot hoë hoogtes, of in die poging daartoe sterf. Lank lewe Spanje!”

Ná die omverwerping van die kommunistiese bewind, het genl. Franco se sin vir reg en dissipline uitgeblyk in sy weerhouding van sy volgelinge in die uitoefening van weerwraak vir moorde, verkragting en aanrandings wat hul naasbestaandes van die kommuniste moes verduur het.

Byna tien jaar ná die verlossing van sy land uit die kommunistiese greep, is genl. Franco se invloed vandag nog so groot dat die gesamentlike diplomatie van die hele Geallieerde wêreld hom nog nie uit sy stewige posisie kan lig nie. Die Spaanse volk het eerste-handse ondervinding gehad van kommunistiese brutaliteit. Hulle sal dit nie vrywillig ruil vir die orde en beskawing van genl. Franco se bestuur nie — selfs nie al eis die hele verdwaasde wêreld dit nie.

Regering Verwerp Versoeke Van Amptenare

Die Minister van Binnelandse Sake, sen. C. F. Clarkson, het in 'n verklaring bekendgemaak dat die Regering al die vernamste versoeke van die staatsamptenare in verband met die nuwe salarisskale van die hand gewys het.

„Indien die Regering meen dat hy die chroniese ontevredenheid sal gences deur die algehele verwerping van die ver-toë van die afvaardiging van die vereniging wat die Minister gaan spreek het, dan slaan hy die bal heeltemal mis,” het mnr. Jan Basson, sekretaris van die amptenare-vereniging in 'n ontleding van die situasie verklaar.

Regering Skrik Eindelik

Die instroming van natuurlike in die Kaapse Skiereiland het die regering genoodsaak om van noodmagte gebruik te maak. In die tekoms sal reiskaartjies alleen aan natuurlike wat die geproklameerde stedelike gebiede wil binnekom, uitgereik word as hulle kan bewys dat hulle 'n werkgewer in die betrokke gebiede het. Die Minister van Naturellesake het verklaar dat dit geaen word omdat die instroming van natuurlike in die Skiereiland hande uit geruk het. Daar is tans meer as 60,000 natuurlike in hierdie gebied. Daar stroom weekliks duisende natuurlike in sonder dat hulle werk of huisvesting het.

Die vraag is net, waarom eers gewag totdat die vraagstuk „hande uitgeruk” het?

STALIN KUIER NIE: Pres. Truman het Stalin al twee keer uitgenooi om hom in Washington te besoek. In albei gevalle is die uitnodiging van die hand gewys. Stalin het aangevoer dat sy dokters dit nie raadsaam ag dat hy so 'n lang reis onderneem nie.

„Die O.B.” word gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery (Edms.) Bepers Stellenbosch vir die elkeen en uitgewers: VOORSLAG (Edms.) Bepers Groote Kerkgebou 703, Kerkplein, Kaapstad.

Springbok-Legioen

Onder Mynwerkers

Die indringing van die Kommunistiesgesinde Springbok-Legioen in die gelede van die mynwerkers wat aanleiding kan gee tot die verdeling van die mynwerkers, baar sorg onder die lede van die bestaande Unie.

As protes teen die stigting van 'n unie binne die reeds bestaande Mynwerkers-unie, het die Mynkomitee van die C.M.R. onder andere die volgende besluit geneem:

„Die mynwerkerskomitee van die C.M.R. neem met besorgdheid kennis van die stigting deur die Springbok-Legioen van die Mineworkers Union Vigilance Committee binne die

gelede van die Mynwerkers-unie.”

Met verwysing na die onlangse geskil is verklaar dat daar tot dusver geslaag is om die geskil buite bereik van buitestaanders te hou. „Derhalwe beskou ons die stigting van die Mineworkers Vigilance Committee as 'n gevaarlike present wat maklik aanleiding kan gee tot die stigting van nog „komitees” deur ander buitestaanders en die uiteindelijke verbrokkeling van ons eenheid op grond van politieke verskil.”

„Enige groeppvorming in die Mynwerkers-unie word ten sterkste afgekeur.”

NOORD-TRANSVAAL

REISPLAN

VAN

Generaal J. A. SMITH

Adjunk-Kommandant-generaal

Genl. J. A. SMITH sal die volgende plekke op die datums genoem besoek en vergaderings toespreek:

BRITS	SATERDAG, 8 JUNIE
RUSTENBURG	DINSDAG, 11 JUNIE
KOEDOESKOP	VRYDAG, 14 JUNIE
NYLSTROOM	SATERDAG, 15 JUNIE
POTGIETERSRUST	DINSDAG, 18 JUNIE
PIETERSBURG	WOENSDAG, 19 JUNIE
LOUIS TRICHARDT	VRYDAG, 21 JUNIE
TZANEEN	SATERDAG, 22 JUNIE
LYDENBURG	DINSDAG, 25 JUNIE
ROOSSENEKAL	VRYDAG, 28 JUNIE

Diens—

Ten spyte van die betreklik onlangse toetreding van Volkskas tot die bankwese, het hoogstaande diens

—en Vooruitgang

reeds kenmerkend van hierdie progressiewe handelsbank geword.

Die hoogstaande diens, insluitende beleggingsfasiliteite teen aantreklike rentekoerse, is tot u beskikking.

Alle takbestuurders sal u met genoeë van volle besonderhede voorsien en u navrae word verwelkom.

VOLKSKAS BEPERK

Gemagtigde Kapitaal	.. £1,000,000
Ingeskrewe Kapitaal	.. £1,000,000
Gestorte Kapitaal	.. £794,961
Deposito's oorskry	.. £9,000,000



BANKIERS.

Hoofkantoor:
PRETORIA.

Wil Betrekkinge Met Spanje Breek

Geen Gevaar Vir Wêreld-Vrede

Die Veiligheidsraad se onderkomitee oor Spanje het in sy verslag aanbeveel dat tensy genl. Franco se bewind opgehef word, die Verenigde Volke se Algemene Vergadering by sy lede moet aanbeveel om diplomatieke betrekkinge met Spanje te verbreek, berig Sapa-Reuter.

Die verslag meld dat hoewel die bedrywighede van die Franco-bewind nie 'n bedreiging vir die vrede uitmaak nie, dit „tog 'n toestand skep wat 'n poten-

siële bedreiging vir die wêreldvrede uitmaak en wat waarskynlik die voortbestaan van die wêreldvrede in gevaar sal stel.”

Sir Alexander Cadogan, Britse verteenwoordiger in die Verenigde Volke se Veiligheidsraad, het aan die onderkomitee verklaar dat die bestaan en die bedrywighede van die Franco-bewind nie van so 'n aard is dat dit vir die wêreldvrede en -veiligheid 'n bedreiging uitmaak nie.